

OKW-31
A

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

**DIE VERLIESE AAN
ONDERWYSERS IN DIE
REPUBLIEK VAN
SUID-AFRIKA EN IN
SUIDWES-AFRIKA**

deur

S. M. E. BOSHOFF

NAVORSINGSREEKS NR. 31

**NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN
MAATSKAPLIKE NAVORSING**

THIS REPORT IS ALSO AVAILABLE IN ENGLISH

BIBLIOTEEK LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



RGN · HSRC



RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

--	--	--	--

0000420604



1-67144x

001.3072068 NBSR RES 31



* 0 4 2 0 6 0 *

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

DIE VERLIESE AAN ONDERWYSERS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
EN IN SUIDWES-AFRIKA

deur

S.M.E. BOSHOFF

1965

NAVORSINGSREEKS NR. 31

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

DIE INHOUD VAN HIERDIE VERSLAG MAG VRYELIK AANGEHAAL WORD MITS DIE
BRON ERKEN WORD

RGN BIBLIOTEK **HSRC**
LIBRARY

1983 -09-1 2

STANOKODE
001-3072068
NBSR RES 31

REGISTERNUMMER

BESTELNUMMER

001277

G

INHOUD

		BLADSY
VOORWOORD		vii
HOOFSTUK 1:	INLEIDENDE OPMERKINGS	1
HOOFSTUK 2:	VERLIESE AAN ONDERWYSERS WEENS BEDANKING, VERSKUIWING EN UITDIENSTREDING TEN OPSIGTE VAN SOORT SKOOL, MEDIUM VAN ONDERRIG EN GESLAG	6
	Onderwysersverliese as gevolg van bedanking en verskuiwing in verskillende soorte skole - Onderwysersverliese as gevolg van bedanking en verskuiwing ten opsigte van die medium van onderrig - Verliese aan onderwysers in stede en op die platteland as gevolg van bedanking om betrekkings buite die onderwys te aanvaar - Maand waartydens bedankings en verskuiwings van krag geword het - Soort skool ten tye van uitdienstreding - Maand van diensbeëindiging in die geval van die uitdienstreders - Samevatting	
HOOFSTUK 3:	ORIENTERING TEN OPSIGTE VAN BEDANKERS, VERSKUIWERS EN UITDIENSTREDERS UIT DIE ONDERWYSBEROEP OP GROND VAN PERSOONLIKE GEGEWENS	31
	Ouderdomsbepaling van bedankers - Getal diensjare van bedankers - Bedankers en verskuiwers volgens geslag - Identifisering van bedankers volgens huistaal - Pos bekleë tydens bedanking - Ouderdomsbepaling van uitdienstreders - Totale aantal diensjare van uitdienstreders - Aard van uitdienstreding - Samevatting	
HOOFSTUK 4:	KWALIFIKASIES VAN DIE BEDANKERS EN VERSKUIWERS	49
	Die skoolkwalifikasies van die bedankers - Akademiese kwalifikasies van die bedankers en verskuiwers - Professionele kwalifikasies van die bedankers en verskuiwers - Rigting(s) waarin die bedankers en verskuiwers gespesialiseer het - Spesiale kursus(se) deur die bedankers en verskuiwers bygewoon - Is die bedankers en verskuiwers voldoende gekwalifiseer? - Samevatting	
HOOFSTUK 5:	AANGELEENTHEDE RAKENDE DIE SALARISKATEGORIE, SALARIS EN MAKSIMUM SALARIS VAN DIE BEDANKERS EN VERSKUIWERS	97
	Salariskategorieë van die bedankers en verskuiwers tydens bedanking of verskuiwing - Verdien die bedankers 'n hoër salaris in die nuwe betrekking? - Bereik die bedankers 'n hoër maksimum salaris in die nuwe betrekking - Samevatting	
HOOFSTUK 6:	NUWE BEROEP OPGEWEEG TEEN DIE ONDERWYSBEROEP	109
	Meen die bedankers dat hulle afgesien van salaris, gelukkiger in die nuwe beroep sal wees - Voordele van die nuwe betrekking teenoor die onderwys - Nadele van nuwe betrekking teenoor die onderwys - Aard van die nuwe betrekking wat bedankers sal bekleë - Hoe vergelyk die werksure van die nuwe betrekking wat bedankers sal bekleë met die werksure (insluitende nasienwerk en voorbereiding) van die onderwys - Samevatting	
HOOFSTUK 7:	REDES EN GRIEWE WAT TOT BEDANKING EN VERSKUIWING AANLEIDING GEGEE HET	118
	Redes vir bedanking of verskuiwing - Griewe teen die onderwys - departement en die onderwysberoep - Het die haperinge in die persoonlike verhoudinge met kollegas en/of hoof bygedra tot bedanking of verskuiwing? - Moontlike omstandighede waaraan bedanking te wyte is - Hoe lank het die onderwyser dit oorweeg om te bedank? - Faktore wat bygedra het tot bedanking van onderwysers - Die aantal skole waaraan die bedankers en verskuiwers verbonde was - Samevatting	

		BLADSY
HOOFSTUK 8:	GESINDHEIDSBEPALING VAN BEDANKERS EN VERSKUIWERS TEEN- OOR DIE ONDERWYSBEROEP	146
	Belangstelling en temperament as kriteria vir die onderwys as beroeps- keuse - Bevrediging geput uit die onderwys - Bedankers se gevoel- standpunt teenoor die onderwysberoep - Beïnvloeding van die jonger garde teenoor die onderwys - Hertoetreding tot die onderwysberoep - Samevatting	
HOOFSTUK 9:	GRADERING VAN DIE BEDANKERS EN VERSKUIWERS	174
	Gradering van bedankers volgens sekere eienskappe wat 'n onderwyser behoort te besit - Tot watter mate is die bedankers en verskuiwers 'n verlies vir die onderwys - Samevatting	
HOOFSTUK 10:	FINANSIËLE VERLIESE MET BETREKKING TOT OPLEIDING	184
	Was die uitdienstreders lening- en/of beurshouers? - Die totale be- drag van die lening en/of beurs - Moes uitdienstreders boete betaal by beëindiging van diens? - Samevatting	
HOOFSTUK 11:	DIE KLASSE EN VAKKE WAARIN ONDERRIG GEGEE IS	195
	Die klasse wat die uitdienstreders hoofsaaklik onderrig het - Die vakke wat die bedankers en verskuiwers gedoseer het - Samevatting	
BYLAE :	VRAELYSTE WAT UITGESTUÛR IS	207

TABELLE

TABEL		BLADSY
2.1	BEDANKERS/VERSKUIWERS IN VERSKILLENDE SOORTE SKOLE	7
2.2	TOTALE AANTAL ONDERWYSERS(ESSE) IN DIE SUIWER PRIMêRE EN SEKONDêRE SKOLE VAN DIE VIER PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA ASOOK IN PROVINSIALE ONDERSTEUNDE SKOLE SOOS OP 4 JUNIE 1963	11
2.3	BEDANKERS/VERSKUIWERS IN PRIMêRE EN SEKONDêRE SKOLE TEN OPSIGTE VAN DIE TWEE GESLAGTE	13
2.4	ONDERWYSERSVERLIESE IN DIE VERSKILLENDE MEDIUMS VAN ONDERRIG	15
2.5	TOTALE AANTAL SUIWER AFRIKAANS- EN ENGELSMEDIUMSKOLE VAN DIE VIER SUID-AFRIKAANSE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE EN SUIDWES-AFRIKA, ASOOK DIE PROVINSIALE ONDERSTEUNDE SKOLE SOOS OP 4 JUNIE 1963	17
2.6	VERLIESE AAN ONDERWYSERS/ESSE IN DIE STEDE EN OP DIE PLATTELAND	18
2.7	MAAND WAARTYDENS BEDANKINGS/VERSKUIWINGS VAN KRAG GEWORD HET	20
2.8	SOORT SKOOL TEN TYE VAN UITDIENSTREDING	24
2.9	MAAND VAN UITDIENSTREDING	28
3.1	OUERDOMSBEPALING VAN BEDANKERS	32
3.2	GETAL DIENSJARE VAN DIE BEDANKERS	33
3.3	BEDANKERS/VERSKUIWERS VOLGENS GESLAG	34
3.4	IDENTIFISERING VAN BEDANKERS VOLGENS HUISTAAL	36
3.5	POS BEKLEE TYDENS BEDANKING	37
3.6	OUERDOMSBEPALING VAN DIE UITDIENSTREDERS	38
3.7	TOTALE AANTAL DIENSJARE VAN DIE UITDIENSTREDERS	41
3.8	AARD VAN UITDIENSTREDING	45
4.1	SKOOLEINDSERTIFIKAAT: MET OF SONDER VRYSTELLING/1ste OF 2de KLAS	50
4.2	HET DIE BEDANKER DIE SKOOLEINDSERTIFIKAAT MET ONDERSKEIDING IN ENIGE VAK (OF VAKKE) BEHAAL ?	52
4.3	DIE AKADEEMIESE KWALIFIKASIES WAT DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS NA STANDERD 10 BEHAAL HET	53
4.4	AKADEEMIESE KURSUSSE GESLAAG DEUR DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS GEDURENDE HULLE HELE STUDIETYDPERK	57
4.5	HET DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS NA TOETREDE TOT DIE ONDERWYS ENIGE AKADEEMIESE KWALIFIKASIES BEHAAL ?	67
4.6	DIE AKADEEMIESE KWALIFIKASIES WAT DEUR DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS NA TOETREDING TOT DIE ONDERWYS BEHAAL IS	68

TABEL		BLADSY
4.7	DIE PROFESSIONELE KWALIFIKASIES (ONDERWYSDIPLOMA OF -SERTIFIKAAT) WAT DEUR DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS BEHAAL IS	73
4.8	PROFESSIONELE KWALIFIKASIES MET OF SONDER ONDERSKEIDING BEHAAL	78
4.9	HET DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS IN ENIGE RIGTING(S) GESPECIALISEER ?	79
4.10	SPECIALISERINGSKURSUS(SE) DEURLOOP DEUR DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS	81
4.11	HET DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS NA TOETREDE TOT DIE ONDERWYS ENIGE SPESIALE KURSUS(SE) BYGEWOON ?	85
4.12	SPESIALE KURSUS(SE) BYGEWOON DEUR DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS	87
4.13	IS DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS VOLDOENDE GEKWALIFISEER VIR DIE ONDERRIG WAT HULLE MOES GEE ?	91
4.14	IN WATTER OPSIG IS DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS SE KWALIFIKASIES GEBREKKIG ?	94
5.1	DIE SALARISKATEGORIE VAN DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS TYDENS BEDANKING/VERSKUIWING	98
5.2	SAL DIE BEDANKERS 'N HOËR SALARIS IN DIE NUWE BETREKKING VERDIEN ?	102
5.3	INDIEN DIE BEDANKERS 'N HOËR SALARIS IN DIE NUWE BETREKKING VERDIEN, HOEVEEL RAND PER MAAND SAL DIT HOËR WEES AS TYDENS BEDANKING ?	104
5.4	SAL DIE MAKSIMUM SALARIS VAN DIE BEDANKERS IN DIE NUWE BETREKKING HOËR WEES AS HULLE HUIDIGE MAKSIMUM SALARIS IN DIE ONDERWYS ?	105
5.5	INDIEN DIE BEDANKERS 'N HOËR MAKSIMUM SALARIS IN DIE NUWE BETREKKING SAL BEREIK, HOEVEEL RAND PER JAAR SAL DIT HOËR WEES AS WAT HULLE HUIDIGE MAKSIMUM SALARIS IS ?	107
6.1	MEEN DIE BEDANKERS DAT HULLE, AFGESIEN VAN SALARIS, GELUKKIGER IN DIE NUWE WERK SAL WEES	110
6.2	VOORDELE VAN NUWE BETREKKING TEENoor DIE ONDERWYS	111
6.3	NADELE VAN NUWE BETREKKING TEENoor DIE ONDERWYS	114
6.4	AARD VAN DIE NUWE BETREKKING	115
6.5	HOE VERGELYK DIE WERKSURE VAN DIE NUWE BETREKKING MET DIE WERKSURE (INSLUITENDE NASIENWERK EN VOORBEREIDING) VAN DIE ONDERWYS	116
7.1	SAMEVATTING VAN DIE BELANGRIJKSTE ENKELE REDE VIR BEDANKING/VERSKUIWING	119
7.2	BYKOMSTIGE REDES VIR BEDANKING/VERSKUIWING	124
7.3	HET DIE VERSKUIWERS HULLE HUIDIGE ONDERWYSDEPARTEMENT MET 'N GRIEF VERLAAT ?	128

TABEL		BLADSY
7.4	GRIEWE TEEN DIE ONDERWYSDEPARTEMENT	131
7.5	HET DIE BEDANKERS DIE ONDERWYSBEROEP MET 'N GRIEF VERLAAT ?	133
7.6	GRIEWE TEEN DIE ONDERWYSBEROEP	135
7.7	HET DIE HAPERINGE IN DIE PERSOONLIKE VERHOUDINGE MET KOLLEGAS EN/OF HOOF BYGEDRA TOT BEDANKING/VERSKUIWING	136
7.8	MOONTLIKE OMSTANDIGHEDE WAARAAN BEDANKING TE WYTE IS	137
7.9	HOE LANK HET DIE ONDERWYSER DIT OORWEEG OM TE BEDANK ?	138
7.10	FAKTORE WAT BYGEDRA HET TOT BEDANKING VAN ONDERWYSERS	140
7.11	DIE AANTAL SKOLE WAARAAN BEDANKERS/VERSKUIWERS VER- BONDE WAS	141
8.1	WAS DIE ONDERWYSBEROEP, GEOORDEEL VOLGENS BELANGSTEL- LING EN TEMPERAMENT, DIE REGTE KEUSE ?	147
8.2	HET U BEVREDIGING UIT DIE ONDERWYS GEPUT ?	150
8.3	REDES VIR JA-ANTWOORDE - WAAROM BEDANKERS/VERSKUIWERS BEVREDIGING UIT DIE ONDERWYS GEPUT HET	151
8.4	REDES VIR NEE-ANTWOORDE - WAAROM BEDANKERS/VERSKUIWERS NIE BEVREDIGING UIT DIE ONDERWYS GEPUT HET NIE	155
8.5	IN WELKE MATE HET DIE BEDANKERS VAN DIE ONDERWYS GEHOU	159
8.6	SAL U JONGER VRIENDE AANRAAI OM ONDERWYS HULLE LOOP- BAAN TE MAAK ?	161
8.7	REDES VIR DIE JA-ANTWOORDE - WAAROM BEDANKERS/VER- SKUIWERS HULLE JONGER VRIENDE SAL AANRAAI OM ONDERWYS HUL LOOPBAAN TE MAAK	164
8.8	REDES VIR DIE NEE-ANTWOORDE - WAAROM BEDANKERS/VER- SKUIWERS NIE HULLE JONGER VRIENDE SAL AANRAAI OM ONDERWYS HUL LOOPBAAN TE MAAK NIE	166
8.9	REDES VIR DIE ONSEKER-ANTWOORDE - WAAROM BEDANKERS/VERSKUI- WERS HULLE JONGER VRIENDE SAL AANRAAI OM ONDERWYS HUL LOOP- BAAN TE MAAK	168
8.10	SOU U LATER 'N HERTOETREDE TOT DIE ONDERWYS OORWEEG ?	171
8.11	GEMIDDELDE PERSENTASIES VAN AL DIE JA-ANTWOORDE NA AAN- LEIDING VAN TABELLE IN HOOFSTUK 8	173
9.1	'N VERGELYKENDE TABEL VAN DIE EIENSKAPPE TEN OPSIGTE VAN DIE BEDANKERS	175
9.2	TOT WATTER MATE IS DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS 'N VERLIES VIR DIE ONDERWYS	177
10.1	WAS DIE UITDIENSTREDERS 'N LENING- EN/OF BEURSHOUER ?	185
10.2	DIE TOTALE BEDRAG VAN DIE LENING EN/OF BEURS	186
10.3	MOES DIE UITDIENSTREDERS BOETE BETAAL BY BEËINDIGING VAN DIENS ?	190

TABEL		BLADSY
10.4	DIE BEDRAG VAN DIE BOETE WAT DIE UITDIENSTREDERS MOET BETAAL MET BEDANKING	192
11.1	KLASSE WAT DIE UITDIENSTREDERS HOOFSAAKLIK ONDERRIG HET	196
11.2	DIE VAK(KE) WAT DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS GEDOSEER HET (ST. 6 - 10)	202

VOORWOORD

1. Die Nasionale Adviserende Onderwysraad wat op 2 Januarie 1963 sy werksaamhede begin het, is tot stand gebring deur die Wet op die Nasionale Adviserende Onderwysraad, 1962 (Wet No. 86 van 1962) wat op 25 Junie 1962 deur die Staatspresident onderteken is. Die hoofwerksaamhede van die Raad is omskryf in artikels sewe en agt van die Wet, maar wat van belang is, is dat die Raad homself ten doel moet stel „om in oorleg met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, die provinsiale onderwysdepartemente, onderwysliggame en organisasies en persone wat by die onderwys belang het, die breë grondbeginsels van gesonde onderwys vir die land as geheel te bepaal" (artikel sewe (2) van die Wet).

2. Om uitvoering aan sy opdrag te gee, het die Raad by sy eerste vergadering op 29 - 30 Maart 1963 besluit om kragtens artikel vyf (1) van Wet No. 86 van 1962, by die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan te beveel dat 'n ad hoc-komitee met vier onderkomitees oor die onderwerp „DIE ONDERWYSER" aangestel word. Die volgende temas is aan die vier onderkomitees opgedra:

- (a) DIE WERWING EN KEURING VAN EN VERLIESE AAN ONDERWYSERS
- (b) OPLEIDING VAN EN SERTIFIKAATUITREIKING VAN ONDERWYSERS
- (c) DIENSVOORWAARDES VAN ONDERWYSERS
- (d) STATUS EN AANSIEN VAN ONDERWYSERS.

Die Minister het die aanbeveling aanvaar en die onderkomitees het gedurende 1963 hulle werksaamhede begin. Die ad hoc-komitee en onderkomitees is soos volg saamgestel:-

Voorsitter: Prof. dr. P.S. du Toit (ex officio lid van die vier onderkomitees)

Lede: Voorsitters van die vier onderkomitees:
Mnr. A.G.S. Meiring, prof. R.E. Lighton, mnr. S. Theron, mnr. A.J. Koen
(wat na bedanking deur prof. J.J. Mulder opgevolg is)

Skakellede: Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad: prof. dr. G.J. Jordaan, prof. dr. H.J.J. Bingle, mej. E.C. Steyn, mnr. S.G. Osler.

Onderkomitee: Werwing, keuring en verliese aan onderwysers

Voorsitter: Mnr. A.G.S. Meiring

Lede: Prof. J.J. Mulder, dr. P.M. Robbertse, prof. R. McMillan, mnr. L.C. Bruwer, dr. A.L. Kotzee (Prof. J.J. Mulder word voorsitter van Onderkomitee: Status en aansien van Onderwysers, en word in hierdie Onderkomitee deur dr. A.L. Kotzee opgevolg)

Skakellid namens die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad: Mej. E.C. Steyn.

Onderkomitee: Opleiding van en sertifikaatuitreiking aan onderwysers

Voorsitter: Prof. L.C. Lighton

Lede: Mnr. A.W. Muller wat na bedanking deur mnr. J.T. Slater vervang word, prof. dr. S.J. Preller, mnr. C.P. van der Merwe, dr. W.K.H. du Plessis, mnr. J.V. Smit, dr. E.L.G. Schnell

Skakellid namens die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad: Prof. dr. G.J. Jordaan.

Onderkomitee: Diensvoorwaardes vir onderwysers

Voorsitter: Mnr. S. Theron

Lede : Mnr. H.C. Botha, dr. G.J. Potgieter, mej. L.M. Spies, mnr. J.H. Stander,
dr. J.E. Davies, adv. N.C. Gracie.

Skakellid namens die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad: Prof.
dr. H.J.J. Bingle.

Onderkomitee: Status en aansien van onderwysers

Vorsitter: Mnr. A.J. Koen wat na bedanking deur prof. J.J. Mulder opgevolg word.

Lede: Mnr. H. Lundie, prof. dr. J.J. Fourie, mnr. J.D. Möhr, mnr. D.F. Abernethy,
mnr. L.L. Wahl.

Skakellid namens die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad:
Mnr. S.G. Osler
Addisionele lid: Adv. N.C. Gracie.

Met hierdie temas insake die onderwyser het die Raad hom ten doel gestel om 'n landsbeeld
van die onderwyser met betrekking tot die genoemde aspekte te kry.

3. Op versoek van die Raad is die navorsing van die Onderkomitee: Die werwing, en keuring
van en verliese aan onderwysers en die Onderkomitee: Diensvoorwaardes van onderwysers deur
die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, in samewerking met die Raad,
onderneem.
4. Aangesien inligting in verband met werwing, keuring en diensvoorwaardes van onderwysers
van skoolhoofde, onderhoofde en assistente, rektore/dekane en dosente van inrigtings wat onder-
wysers oplei, inspekteurs van onderwys en van die vier provinsiale onderwysdepartemente, die
Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika,
ingewin moes word, is vraelyste opgestel om die aspekte te dek waarvoor die verskillende persone
en instansies inligting moes verstrek.

Daar is elf vraelyste opgestel om die verlangde inligting vir die twee Onderkomitees van
die Raad in te win. Wat die verliese aan onderwysers betref, is twee vraelyste (NB. 482 en 483)
aan alle skole in die land gestuur vir voltooiing deur permanent aangestelde onderwysers (NB. 482)
en deur hoofde insake die onderwysers (NB. 483) wat gedurende die tydperk 1 Oktober 1963 tot
30 September 1964 uit die diens bedank het of wat na 'n ander onderwysdepartement of privaat-
of gesubsidieerde skole gegaan het. Vraelys NB. 484 is aan die onderwysdepartemente en die
beherende liggame van privaat- en gesubsidieerde skole gestuur om oor die genoemde tydperk,
besonderhede aangaande alle onderwysers te verstrek wat uit diens getree het. Gedurende die
vierde skoolkwartaal van 1963 is 'n vraelys aan 'n steekproef van st.10-leerlinge gestuur om hulle
gesindheid teenoor onderwyser as beroep te bepaal. Die vraelyste insake die werwing, keuring
en diensvoorwaardes van onderwysers is gedurende Februarie 1964 aan die betrokke persone en
instansies gestuur (Kyk bylae 1 vir samevatting van vraelyste).

5. Die navorsing vir die twee Onderkomitees van die Raad is deur 'n navorsingspan van die
Buro onderneem bestaande uit mnr. J.H.C. Oosthuizen, mnr. A.J. Venter, mnr. P.G. van Z.
Spies en mev. S.M.E. Boshoff onder leierskap van mnr. J.B. Haasbroek. Die verslae en die
navorsers daarvoor verantwoordelik is soos volg:

Die belangstelling van st. 10-leerlinge in die onderwys as beroep in die Republiek van Suid-
Afrika en in Suidwes-Afrika: Mnr. J.B. Haasbroek.

Die werwing van sekondêre skoolleerlinge vir die onderwysberoep in die Republiek van
Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika: Mnr. A.J. Venter.

Die keuring van voornemende onderwysstudente in die Republiek van Suid-Afrika en in
Suidwes-Afrika: Mnr. P.G. van Z. Spies.

Die verlies aan onderwysers in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika:
Mev. S.M.E. Boshoff.

Diensvoorwaardes en diensomstandighede van onderwysers in die Republiek van Suid-Afrika
en in Suidwes-Afrika: Mnr. J.H.C. Oosthuizen.

6. Hierdie verslag getitel „Die verlies aan onderwysers in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika" is 'n studie van die omvang van die verlies aan permanent aangestelde onderwysers, as gevolg van bedanking ten gunste van 'n ander beroep, verskuiwing van een onderwysdepartement/nie-departementele skool na 'n ander onderwysdepartement/nie-departementele skool, en uitdienstreding (ongeaag die rede), aan te dui. Aangeleenthede wat in die verslag ter sprake kom, is kwalifikasies, aspekte rakende die salaris, 'n vergelyking van die nuwe betrekking met die onderwysberoep, redes en griewe wat tot bedanking of verskuiwing aanleiding gegee het, die gesindheid van die bedankers en verskuiwers teenoor die onderwysberoep, die mate wat die bedankers en verskuiwers 'n verlies vir die onderwys is, en die klasse en vakke waarin onderrig gegee is.
7. Ek wil graag 'n woord van dank rig aan die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Advise-rende Onderwysraad en die reeds genoemde Onderkomitees vir hulle aandeel in hierdie ondersoek.
8. Aan die hoofde van die ses onderwysdepartemente 'n woord van dank vir hulle toestemming om die opname in hulle skole en onderwyserskolleges te maak. Aan die hoofde en onderwysers van die skole van die ses onderwysdepartemente en van die privaat- en gesubsidieerde skole, asook aan die dosente van die inrigtings wat onderwysers oplei, die inspekteurs van onderwys en ander persone wat op een of ander wyse hulp in verband met die opname verleen het, hartlik dank vir die samewerking waarsonder hierdie opname nie uitgevoer kon word nie.
9. Die hoop word uitgespreek dat hierdie verslag 'n bron van inligting sal wees op grond waarvan die Nasionale Advise-rende Onderwysraad 'n nuwe bedeling vir die onderwyser met betrekking tot diensvoorwaardes en diensomstandighede sal daarstel. Vir die onderwyser wat in sy profes-sie belangstel, sal hierdie verslag 'n waardevolle inligtingstuk wees.

P.M. ROBBERTSE
DIREKTEUR

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

Augustus 1965.

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE OPMERKINGS

1.1 INLEIDING

Die Nasionale Adviserende Onderwysraad het op sy eerste vergadering op 29 Maart 1963 besluit om by die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan te beveel dat 'n ad hoc-komitee met vier onderkomitees oor die onderwerp DIE ONDERWYSER in die lewe geroep moet word. Die gedagte was dat alle faktore wat die onderwyser se geluk en tevredenheid in die beroep mag beïnvloed, asook faktore wat mag bydra tot of afbreuk doen aan die aantreklikheid en vashoukrag van die beroep, ondersoek sou word. Daarom sou sake soos werwingsprosedure, keuring, mate van geluk en tevredenheid in die beroep, status, die onderwyser se gesindheid teenoor die onderwys, asook sy siening oor diensvoorwaardes en diensomstandighede, aan 'n noukeurige ondersoek onderwerp moes word. Nadat die Minister die aanbeveling goedgekeur het, het die vier onderkomitees met die werksaamhede op hulle onderskeie terreine begin.

Op versoek van die Nasionale Adviserende Onderwysraad het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing die navorsing van twee onderkomitees onderneem, naamlik die „Onderkomitee: Werwing en keuring van en verliese aan onderwysers" en die „Onderkomitee: Diensvoorwaardes vir onderwysers". Alhoewel die vraelyste teen die vierde skoolkwartaal van 1963 gereed was vir uitsending, is die vraelyste eers gedurende Februarie 1964 (eerste skoolkwartaal) uitgestuur, omdat die onderwysdepartemente as gevolg van die druk werkprogram aan skole gedurende die vierde skoolkwartaal, nie bereid was dat die vraelyste aan skole gedurende die vierde skoolkwartaal van 1963 uitgestuur word nie.

Hierdie verslag gee eerstens aandag aan die omvang en oorsake van bedankings ten gunste van 'n beroep buite die onderwys en die verskuiwing van onderwysers van een onderwysdepartement/nie-departementele skool na 'n ander onderwysdepartement/nie-departementele skool, en het alleenlik op die permanent aangestelde onderwysers, onderhoofde en hoofde aan skole betrekking. Ten tweede gee hierdie verslag aandag aan verliese aan permanent aangestelde onderwysers wat, ongeag die rede uit die diens van 'n onderwysdepartement/nie-departementele skool getree het, en het alleenlik op die permanent aangestelde onderwysers, onderhoofde en hoofde aan skole betrekking. Hierdie verslag is bedoel vir die ONDERKOMITEE: WERWING EN KEURING VAN EN VERLIESE AAN ONDERWYSERS en bestaan uit die volgende hoofstukke:

Hoofstuk 1. Inleidende opmerkings

2. Verliese aan onderwysers weens bedankings, verskuiwing en uitdienstreding ten opsigte van soort skool, medium van onderrig en geslag
3. Oriëntering ten opsigte van bedankers, verskuiwers en uitdienstreders uit die onderwysberoep op grond van persoonlike gewens
4. Kwalifikasies van die bedankers en verskuiwers
5. Aangeleenthede rakende die salariskategorie, salaris en maksimum salaris van die bedankers en verskuiwers
6. Nuwe beroep opgeweeg teen die onderwysberoep
7. Redes en griewe wat tot bedanking en verskuiwing aanleiding gegee het
8. Gesindheidsbepaling van die bedankers en verskuiwers teenoor die onderwysberoep
9. Gradering van die bedankers en verskuiwers
10. Finansiële verliese met betrekking tot opleiding
11. Die klasse en vakke waarin onderrig gegee is.

1.2 DOEL EN METODE VAN DIE ONDERSOEK

1.2.1 Doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is om die omvang en oorsake van bedankings en verskuiwing in die onderwysberoep vas te stel asook om die omvang van uitdienstreding van onderwysers uit die onderwysberoep, ongeag die rede, te bepaal gedurende die tydperk 1 Oktober 1963 tot 30 September 1964. Wat die bedankers en verskuiwers betref, is daar veral aandag gegee aan die redes en griewe, aspekte rakende die salaris, die gesindheid teenoor die onderwysberoep, die kwaliteit van die bedankers en verskuiwers op grond van kwalifikasies en 'n graderingskaal en die klasse en vakke wat onderrig is. Vir die uitdienstreders is daar klem gelê op die omvang en identifisering op grond van persoonlike gegewens.

Vir die doel van hierdie verslag is drie vraelyste uitgestuur, naamlik:

- (a) Vraelys NB 482 aan permanent aangestelde onderwysers wat bedank het om 'n betrekking buite die onderwys te aanvaar, of wat van een onderwysdepartement/nie-departementele skool verskuif het om 'n betrekking in die onderwys by 'n ander onderwysdepartement/nie-departementele skool te aanvaar.
- (b) Vraelys NB. 483 aan skoolhoofde vir voltooiing ten opsigte van die onderwysers wat vraelys NB. 482 ingevul het.
- (c) Vraelys NB. 484 aan onderwysdepartemente/die beherende liggaam van nie-departementele skole vir voltooiing ten opsigte van die permanent aangestelde onderwysers wat uit die diens getree het, om die omvang van uitdienstreding te bepaal.

1.2.2 Metode van ondersoek

Die vraelysmetode is gebruik om die inligting in te win. Na deeglike literatuurstudie en oorlegpleging met die lede van die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Adviserende Onderwysraad wat as skakellede vir die „Onderkomitee: Die werwing en keuring van en verliese aan onderwysers" en die „Onderkomitee: Diensvoorwaardes vir onderwysers" opgetree het, is elf vraelyste opgestel om die inligting in te win wat nodig was vir hierdie twee onderkomitees se navorsing. Die drie vraelyste wat in paragraaf 1.2.1 genoem is, het uitsluitlik inligting insake die verliese aan onderwysers ingewin.

1.3 DIE ONDERSOEKSGROEP

Aanvanklik is besluit om al die hoofde, onderhoofde en assistente, (ongeach die aard van hulle aanstelling) wat sou bedank/verskuif/uit diens tree oor die tydperk 1 Oktober 1963 tot 30 September 1964, in die opname te betrek. Dit was egter nie wenslik om die tydelik aangestelde personeel in die opname te betrek nie, omdat hulle meer as een keer gedurende die skooljaar aanstellings sou kry asook uit die diens sou tree, en duplisering van gegewens sou voorkom. Volgens is alleenlik die permanent aangestelde onderwyspersoneel in die opname betrek, en gee die volgende uiteensetting 'n oorsigtelike beeld van sowel die getalle bedankers, verskuiwers en uitdienstreders as die persentasies wat hierdie onderwyspersoneel van die permanent aangestelde onderwyspersoneel uitmaak.

Onderwysowerhede		Bedankers	Verskuiwers	Totaal:Be- dankers en verskuiwers	Uitdiens- treders	Permanente) personeel)* (universum)**
Kaapland	N	30	55	85	447	6332*
	%	0.5 (0.3)	0.9 (0.6)	1.3 (1.0)	7.1 (5.0)	- (8926)**
Natal	N	8	19	27	283	2179
	%	0.4 (0.3)	0.9 (0.6)	1.2 (0.9)	13.0 (9.2)	- (3066)
Oranje-Vrystaat	N	8	14	22	392	1988
	%	0.4 (0.2)	0.7 (0.4)	1.1 (0.7)	19.7 (11.8)	- (3318)
Transvaal	N	52	57	109	1121	7962
	%	0.7 (0.4)	0.7 (0.5)	1.4 (0.9)	14.1 (9.0)	- (12400)
Suidwes-Afrika	N	7	16	23	67	372
	%	1.9 (1.1)	4.3 (2.4)	6.2 (3.5)	18.0 (10.2)	- (654)
Onderwys, Kuns en Wetenskap	N	23	16	39	168	2299
	%	1.0 (0.9)	0.7 (0.6)	1.7 (1.5)	7.3 (6.3)	- (2662)
Nie-departemen- tele skole	N	10	6	16	100	3171
	%	0.4 (0.3)	0.2 (0.2)	0.6 (0.5)	3.8 (3.0)	- (3340)
Totaal		138	183	321	2515	24,303
		0.6 (0.4)	0.8 (0.5)	1.3 (0.9)	10.3 (7.3)	- (34,366)

*Bedankers, verskuiwers en uitdienstreders as persentasies van permanent aangestelde onderwyspersoneel uitgedruk.

**Bedankers, verskuiwers en uitdienstreders as persentasies van die universum (alle onderwyspersoneel) uitgedruk en persentasies verskyn tussen hakies.

Volgens die gegewens is die verlies aan permanent aangestelde onderwysers as gevolg van bedanking en verskuiwing relatief klein (persentasies wissel van 0.5 tot 6.2 persent vir die onderskeie onderwysowerhede met 'n gemiddeld van 1.3 persent vir die land). Beoordeel volgens persentasies het Suidwes-Afrika die grootste verlies aan permanent aangestelde onderwysers as gevolg van bedanking en verskuiwing, naamlik 6.3 persent gevolg in dalende orde deur Onderwys, Kuns en Wetenskap (1.7%), Transvaal (1.4%), Kaapland (1.3%), Natal (1.2%), Oranje-Vrystaat (1.1%) en die nie-departementele skole (0.6%).

Wat die uitdienstreders betref, blyk daar vir sommige onderwysdepartemente 'n verlies van tien tot twintig persent van die permanent aangestelde onderwyspersoneel te wees, naamlik Kaapland (7.1%), Natal (13.0%), Oranje-Vrystaat (19.7%), Transvaal (14.1%), Suidwes-Afrika (18.0%), Onderwys, Kuns en Wetenskap (7.3%), terwyl die verlies vir die nie-departementele skole slegs 3.8 persent is. Daar moet in gedagte gehou word dat die verlies as gevolg van uitdienstreding ook verliese as gevolg van afsterwe, aftreding met pensioen, bevordering na poste buite die skool in die betrokke onderwysowerheid en afdanking insluit, wat as normale verskynsels gesien moet word.

Alhoewel dit vir die onderwysowerhede nie moontlik was om die getalle tydelike personeel wat uit die diens getree het, te verskaf nie, het enkele onderwysdepartemente die getalle tydelik aangestelde personeel wat uit die diens getree het, aangedui, naamlik Natal: 302 onderwysers; Transvaal: 80 mans en 563 vroue; en Onderwys, Kuns en Wetenskap: 70 vroue en 13 mans.

Die vraag wat nou ontstaan, is of die verliese aan onderwysers as gevolg van bedanking, verskuiwing en uitdienstreding ernstig van aard is of nie. Wat die bedankers en verskuiwers betref kan die verliese op grond van die getalle nie as ernstig beskou word nie, behalwe vir Suidwes-Afrika. As die bedankers op grond van „kwaliteit“ beoordeel word, soos uit die verslag sal blyk, dan stem hierdie getalle, alhoewel relatief klein, tot ernstige nadenke, want die bedankers en verskuiwers blyk die goeie onderwysers te wees. Die feit dat die goeie onderwyser bedank en verskuif, moet beslis in 'n ernstige lig gesien word, want die betrokke onderwysowerhede verloor die beste onderwysers wat in die primêre skool ten opsigte van kontinuïteit van klasonderwys en in die sekondêre skool ten opsigte van kontinuïteit van vakonderwys benodig word.

Die verliese as gevolg van uitdienstreding is beslis omvangryk, maar daar moet in gedagte gehou word dat verliese as gevolg van aftreding, afsterwe, afdanking en bevordering na poste buite die skool in die betrokke owerheid en wat as normale verliese beskou kan word, deel uitmaak van die verliese as gevolg van uitdienstreding. Die verliese as gevolg van uitdienstreding sal veral die personeelposisie nadelig beïnvloed, aangesien personeelwisseling in 'n betreklike groot mate sal voorkom.

Volgens mededelings van enkele onderwysdepartemente in die dagblaaie het die verliese as gevolg van bedanking na die opnameperiode van hierdie ondersoek, geweldige afmetings aangeneem. Hierdie verskynsel is te verklaar aan die hand van die steeds toenemende aanvraag na universiteitsopgeleide mannekrag om in die land se mannekragbehoefte te voorsien en die feit dat beroepe buite die onderwys aantrekliker is as die onderwysberoep wat salaris, diensvoorwaardes en diensomstandighede betref.

Die waarde van hierdie verslag lê daarin dat dit 'n aanduiding gee van die redes wat tot bedanking en verskuiwing aanleiding gegee het, en dat aan die onderwysowerhede die gegewens beskikbaar gestel word wat vir beplanningsdoeleindes aangewend kan word om die verliese aan onderwysers te bekamp.

1.4 BEGRIPSVERKLARING

1.4.1 Bedankers

In hierdie verslag word die begrip „bedanker“ gebruik vir die permanent aangestelde onderwysers wat bedank het om 'n betrekking buite die onderwys te aanvaar en dus 'n algehele verlies aan mannekrag vir die onderwysberoep is.

1.4.2 Verskuiwers

Die „verskuiwers“ is die permanent aangestelde onderwysers wat hulle betrekking by die onderwysdepartement/nie-departementele skool by wie hulle in diens is, neerlê om 'n betrekking in die onderwys by 'n ander onderwysdepartement/nie-departementele skool te aanvaar (d. w. s. 'n verskuiwing van die een onderwysdepartement/nie-departementele skool na 'n ander).

1.4.3 Uitdienstreders

Die „uitdienstreders“ is die permanent aangestelde onderwysers wat uit die diens tree van die onderwysdepartement/nie-departementele skool by wie hulle in diens is, ongeag die rede wat tot uitdienstreding of diensbeëindiging aanleiding gee. Die aard van diensbeëindiging by uitdienstreding kan die volgende wees: afsterwe, afdanking, aftrede met pensioen, in die huwelik tree in die geval van dames, bedanking ten gunste van 'n beroep buite die onderwys, bevordering in 'n pos buite die skool by dieselfde onderwysdepartement, verskuiwing na 'n ander onderwysdepartement/nie-departementele skool, en verdere studie. Die uitdienstreders sluit dus ook die bedankers en verskuiwers in, soos genoem in paragrawe 1.5.2 en 1.5.3.

1.4.4 Onderwysowerhede

In hierdie verslag word daar tussen die volgende onderwysowerhede onderskei: Kaapland, Natal, Oranje-Vrystaat, Transvaal, Suidwes-Afrika, Onderwys, Kuns en Wetenskap en die nie-departementele skole. Behalwe vir die nie-departementele skole, is die ander ses onderwysowerhede onderwysdepartemente.

Vir die doel van hierdie verslag is die skole wat onder die onderskeie onderwysdepartemente ressorteer, geheel en al onder die beheer van die onderwysdepartement, terwyl die

nie-departementele skole 'n groepering van die privaatskole wat deur 'n onderwysdepartement gesubsidieer word en die onafhanklike privaatskole is, dit wil sê skole wat nie uitsluitlik deur 'n onderwysdepartement beheer word nie. Daar moet op gewys word dat die name van die onderwysdepartemente verkort is om omslagtige beskrywing uit te skakel, byvoorbeeld Kaapland in plaas van die Onderwysdepartement van Kaapland, en Onderwys, Kuns en Wetenskap in plaas van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

1.4.5 Medium van onderrig aan skole

(a) Afrikaansmediumskole (AM. -skole)

Hierdie skole gee uitsluitlik deur medium van Afrikaans onderrig.

(b) Engelsmediumskole (EM. -skole)

Hierdie skole gee uitsluitlik deur medium van Engels onderrig.

(c) Parallel- en Dubbelmediumskole (P. - en D. -skole)

Parallelmediumskole gee deur medium van Afrikaans sowel as Engels onderrig waar die getalle Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge afsonderlike klasse regverdig.

Dubbelmediumskole maak voorsiening vir onderrig deur medium van Afrikaans sowel as Engels in dieselfde klas ten einde te verseker dat die Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge ten volle voordeel uit die onderwyssituasie trek, omdat die getalle leerlinge volgens huistaal nie afsonderlike klasse regverdig nie.

1.5 INTERPRETASIE VAN DIE GEGEWENS

Daar moet op gewys word dat persentasies altyd saam met die werklike getalle vergelyk moet word veral omdat die totale getal respondente onder 'n owerheid soms klein kan wees, met die gevolg dat persentasies in sulke gevalle 'n skewe beeld kan gee.

HOOFSTUK 2

VERLIESE AAN ONDERWYSERS WEENS BEDANKING, VERSKUIWING EN UITDIENSTRE- TREDING TEN OPSIGTE VAN SOORT SKOOL, MEDIUM VAN ONDERRIG EN GESLAG

2.1 INLEIDING

Om die landsprobleem van verliese aan onderwysers tot in sy kern te deurskou, word in hierdie hoofstuk 'n aanvang gemaak deur die bedankings, verskuiwings en uitdienstredings van permanent aangestelde onderwysers, onderhoofde en hoofde in verskillende soorte skole van die onderskeie onderwysdepartemente en in die nie-departementele skole onder die soeklig te plaas. Daar sal veral gepoog word om duidelikheid te verkry oor verliese volgens soort skool, medium van onderrig en geslag ten opsigte van die bedankers. Origens sal die tabelle aan die einde van hierdie hoofstuk blyke gee van die omvang van uitdienstreding uit die onderwysberoep en die aard van hierdie uitdienstreding.

2.2 ONDERWYSERSVERLIESE AS GEVOLG VAN BEDANKING EN VERSKUIWING IN VERSKILLENDE SOORTE SKOLE

In tabel 2.1 word die getalle en persentasies onderwysers wat bedank en verskuif het, aangedui volgens die soort skool waaraan hulle verbonde was. (Kyk tabel 2.1.)

Uit die globale beeld vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes -Afrika in tabel 2.1, kom dit aan die lig dat daar gedurende die tydperk 1 Oktober 1963 tot 30 September 1964 altesaam 321 bedankers en verskuiwers was. Van hierdie totaal verteenwoordig 138 'n algehele verlies vir die onderwys omdat hulle bedank het om na werkgewende instansies buite die onderwys uit te wyk, terwyl 24 na privaatskole en 159 na ander onderwysdepartemente verskuif het.

Uit die 321 bedankers en verskuiwers as groep, toon die suiwer sekondêre skole die grootste verlies, nl. 159 teenoor slegs 98 in die suiwer primêre skole wat op die tweede grootste verlies dui.

Om die verlies aan onderwysers as gevolg van bedankings en verskuiwing in perspektief te sien, word in tabel 2.2 aangedui watter getalle primêre en sekondêre onderwysers aan die skole van die vier provinsiale onderwysdepartemente verbonde was gedurende 1963, insluitend die onderwysers van privaatskole wat deur die provinsiale onderwysdepartemente gesubsidieer word. (Kyk tabel 2.2.)

Met behulp van tabel 2.2 wat aantoon dat daar in Junie 1963 in die sekondêre en primêre skole van die vier provinsiale onderwysdepartemente asook die gesubsidieerde skole van hierdie departemente, 4330 meer onderwysers in primêre as in sekondêre skole was, kom daar 'n besondere somber beeld na vore, wanneer daar volgens gegewe s in tabel 2.1 in aanmerking geneem word dat daar meer bedankings en verskuiwings in sekondêre as in primêre skole was.

Hierdie groter mate van mobiliteit by onderwysers verbonde aan sekondêre skole, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle akademies en professioneel, oor die algemeen beter gekwalifiseer is as hulle kollegas in die primêre skole, en dat dit vir hulle groter moontlikhede bied om, om een of ander rede, na ander werkkringe uit te wyk.

TABEL 2.1

BEDANKERS/VERSKUIWERS IN VERSKILLENDE SOORTE SKOLE

Soort skool		Kaapland				Natal			
		*B	**Priv.	***A. Dept.	Totaal	B	Priv.	A. Dept.	Totaal
Sekondêre skool	N	16	2	21	39	5	4	8	17
	%	53.3	40.0	42.0	45.9	62.5	66.7	61.5	63.0
Gekombineerde sekondêre en primêre skool	N	5	-	7	12	-	-	-	-
	%	16.7		14.0	14.1				
Tegniese kollege	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Beroepskole	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Primêre skool	N	9	3	22	34	3	2	5	10
	%	30.0	60.0	44.0	40.0	37.5	33.3	38.5	37.0
Kleuterskool	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Junior skool	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Spesiale skool	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Ander skole	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
TOTAAL	N	30	5	50	85	8	6	13	27
	%	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

*B = Buite onderwys

**Priv. = Privaatskole

***A. Dept. = Ander onderwysdepartemente

TABEL 2.1 (vervolg 1)

BEDANKERS/VERSKUIWERS IN VERSKILLENDE SOORTE SKOLE

Soort skool		Oranje-Vrystaat				Transvaal			
		*B	**Priv.	***A. Dept.	Totaal	B	Priv.	A. Dept.	Totaal
Sekondêre skool	N	5	-	8	13	41	3	28	72
	%	62.5		57.1	59.1	78.8	42.9	56.0	66.1
Gekombineerde sekondêre en primêre skool	N	2	-	4	6	-	-	1	1
	%	25.0		28.6	27.3			20.0	0.9
Tegniese kollege	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Beroepskole	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Primêre skool	N	1	-	2	3	11	4	21	36
	%	12.5		14.3	13.6	21.2	57.1	42.0	33.0
Kleuterskool	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Junior skool	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Spesiale skool	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Ander skole	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
TOTAAL	N	8	-	14	22	52	7	50	109
	%	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

*B = Buite onderwys

**Priv. = Privaatskole

***A. Dept. = Ander onderwysdepartemente

TABEL 2.1 (vervolg 2)

BEDANKERS/VERSKUIWERS IN VERSKILLENDEN SOORTE SKOLE

Soort skool		Suidwes-Afrika				Onderwys, Kuns en Wetenskap			
		*B	**Priv.	***A. Dept.	Totaal	B	Priv.	A. Dept.	Totaal
Sekondêre skool	N	4	-	6	10	1	-	1	2
	%	57.1		42.9	43.5	4.3		6.7	5.1
Gekombineerde sekondêre en primêre skool	N	-	-	1	1	-	-	3	3
	%			7.1	4.3			20.0	7.7
Tegniese kollege	N	-	-	-	-	10	1	3	14
	%					43.5	100.0	20.0	35.9
Beroepskole	N	-	-	-	-	10	-	5	15
	%					43.5		33.3	38.5
Primêre skool	N	3	2	7	12	-	-	1	1
	%	42.9	100.0	50.0	52.2			6.7	2.6
Kleuterskool	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Junior skool	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Spesiale skool	N	-	-	-	-	1	-	2	3
	%					4.3		13.3	7.7
Ander skole	N	-	-	-	-	1	-	-	1
	%					4.3			2.6
TOTAAL	N	7	2	14	23	23	1	15	39
	%	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

*B = Buite onderwys

**Priv. = Privaatskole

***A. Dept. = Ander onderwysdepartemente

TABEL 2.1 (vervolg 3)

BEDANKERS/VERSKUIWERS IN VERSKILLENDE SOORTE SKOLE

Soort skool	Nie-departementele skole				Totaal				
		*B	**Priv.	***A. Dept.	Totaal	B	Priv.	A. Dept.	Totaal
Sekondêre skool	N	3	1	2	6	75	10	74	159
	%	30.0	33.3	66.7	37.5	54.3	41.7	46.5	49.5
Gekombineerde sekondêre en primêre skool	N	3	1	-	4	10	1	16	27
	%	30.0	33.3		25.0	7.3	4.2	10.1	8.4
Tegniese kollege	N	-	-	-	-	10	1	3	14
	%					7.3	4.2	1.9	4.4
Beroepskole	N	-	-	-	-	10	-	5	15
	%					7.3		3.1	4.7
Primêre skool	N	1	-	1	2	28	11	59	98
	%	10.0		33.3	12.5	20.3	45.8	37.1	30.5
Kleuterskool	N	3	1	-	4	3	1	-	4
	%	30.0	33.3		25.0	2.2	4.2		1.2
Junior skool	N	-	-	-	-	-	-	-	-
	%								
Spesiale skool	N	-	-	-	-	1	-	2	3
	%					0.7		1.3	0.9
Ander skole	N	-	-	-	-	1	-	-	1
	%					0.7			0.3
TOTAAL	N	10	3	3	16	138	24	159	321
	%	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

*B = Buite onderwys
 **Priv. = Privaatskole
 ***A. Dept. = Ander onderwysdepartemente

TABEL 2.2

TOTALE AANTAL ONDERWYSERS(ESSE) IN DIE SUIWER PRIMêRE EN SEKONDêRE SKOLE
 VAN DIE VIER PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE VAN DIE REPUBLIEK VAN
 SUID-AFRIKA ASOOK IN PROVINSIALE ONDERSTEUNDE SKOLE SOOS OP
 4 JUNIE 1963

Skole	Kaapland	Natal	Oranje- Vrystaat	Transvaal	Totaal	Persentasie
Primêre skole	4578	2034	1391	7163	15,166	58.3%
Sekondêre skole	4044	1357	640	4795	10,836	41.7%

In aansluiting by die interessante vergelyking tussen die verliese gelyk deur sekondêre en primêre skole as gevolg van bedanking en verskuiwing verskaf tabel 2.3 verdere gegewens om die situasie ten opsigte van die verskillende geslagte te belig. (Kyk tabel 2.3.)

In die geheel gesien, was daar uit die 159 bedankers en verskuiwers in sekondêre skole, twee keer meer mans as vroue, nl. 107 teenoor 52 respektiewelik, terwyl aan die primêre skole daar meer vroue (50) as mans (48) was en die verliese byna gelyk is. Vanweë die geweldige oorwig aan dames aan primêre skole, verteenwoordig die 48 mans uitgedruk as persentasie van die totale getal mans, waarskynlik 'n veel groter verlies as die 50 vrouebedankers uitgedruk as persentasie van die totale getal vroue.

Indien daar nou spesifiek oorgegaan word tot 'n deurskouing van die verliese ten opsigte van die drie groepe, nl. bedankers, verskuiwers na privaatskole en verskuiwers na ander onderwysdepartemente, dan is dit duidelik dat hoërskole deurgaans die swaarste verliese ly. Wat egter veral tot nadenke stem, is die feit dat daar by die bedankers as groep, in beide die sekondêre en primêre skole, verreweg meer mans as vroue is wat die onderwysberoep permanent verlaat. Dit bring die onweerlegbare afleiding na vore dat die onderwys vinnig besig is om 'n vroue-beroep te word. Hierdie interpretasie kan getoets word aan die hand van gegewens in die totaalbeeld van tabel 3.8 waarvolgens 211 manlike teenoor 114 vroulike personeellede uit die onderwys bedank het met die oog op enige ander betrekking behalwe die onderwys.

Die verliese in die verskillende onderwysdepartemente asook die nie-departementele skole (tabel 2.1) wissel vanaf 109 bedankers en verskuiwers in Transvaal tot 14 in Suidwes-Afrika. Maar weer eens moet daar verwys word na die totale aantal onderwysers in die Republiek en Suidwes-Afrika (tabel 2.2) om in hierdie geval vergelykenderwys te werk te gaan en te verhoed dat 'n skewe beeld in verband met onderwysersverliese in die verskillende provinsies gevorm word.

2.3 ONDERWYSERSVERLIESE AS GEVOLG VAN BEDANKING EN VERSKUIWING TEN OPSIGTE VAN DIE MEDIUM VAN ONDERRIG

In onderstaande tabel 2.4 sal dit aan die lig kom in welke mate skole met 'n spesifieke medium van onderrig, blootgestel was aan bedankings en verskuiwings van onderwysers in die Republiek en Suidwes-Afrika gedurende die tydperk 1 Oktober 1963 tot 30 September 1964. (Kyk tabel 2.4.)

Uit die totaalbeeld blyk dit dat 139 uit die 321 bedankers en verskuiwers as groep, onderwysers van Afrikaansmediumskole was, teenoor 85 van Engelsmedium- en 97 van parallelmedium- en/of dubbelmediumskole.

'n Vergelyking van die onderwysowerhede toon aan dat die Oranje-Vrystaat (68.2%), Transvaal (60.6%) en Suidwes-Afrika (69.6%) se grootste verliese aan Afrikaansmediumskole was, terwyl Natal (44.4%) en die nie-departementele skole (87.5%) se grootste verliese aan die Engelsmediumskole was. In Kaapland was die verlies aan die Afrikaansmediumskole (38.8%) en parallel- en/of dubbelmediumskole (38.8%) ewe groot en vir Onderwys, Kuns en Wetenskap was die verlies aan die parallel- en/of dubbelmediumskole (64.1%) die grootste.

Indien nou slegs 'n ontleding gemaak word van die totale aantal Afrikaans- en Engelsmediumskole van die vier provinsiale onderwysdepartemente en van Suidwes-Afrika, tesame met die privaatskole deur die onderwysdepartemente gesubsidieer soos op 4 Junie 1963, (tabel 2.5) dan is die mate waarin bedankings en verskuiwings in Afrikaansmediumskole, dié van die Engelsmediumskole oortref, heeltemal begryplik en kan dit as normaal beskou word omdat die Afrikaansmediumskole die Engelsmediumskole in getal oortref, soos tabel 2.5, wat hierna volg, aandui. (Kyk tabel 2.5.)

2.4 VERLIESE AAN ONDERWYSERS IN STEDE EN OP DIE PLATTELAND AS GEVOLG VAN BEDANKING OM BETREKKINGS BUIE DIE ONDERWYS TE AANVAAR

Die vraag wat dikwels ontstaan, is of die verliese aan onderwysers wat bedank het om betrekkinge buite die onderwys te aanvaar, in die stede groter is as op die platteland. Vervolgens word die bedankers as persentasies van die onderwyserbevolking volgens stad en platteland uitgedruk om aan te dui in watter opsig die bedankers ten opsigte van stad en platteland verskil. (Kyk tabel 2.6.)

TABEL 2.3

BEDANKERS/VERSKUIWERS IN PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOLE TEN OPSIGTE VAN
DIE TWEE GESLAGTE

Onderwysdepartemente		Buite onderwys						Privaatskole					
		Mans		Vrouens		Totaal		Mans		Vrouens		Totaal	
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Kaapland	Sekondêre skool	11	68.7	5	31.3	16	100.0	1	50.0	1	50.0	2	100.0
	Primêre skool	5	55.6	4	44.4	9	100.0	-	-	3	100.0	3	100.0
Natal	Sekondêre skool	5	100.0	-	-	5	100.0	2	50.0	2	50.0	4	100.0
	Primêre skool	1	33.3	2	66.7	3	100.0	1	50.0	1	50.0	2	100.0
Oranje-Vrystaat	Sekondêre skool	3	60.0	2	40.0	5	100.0	-	-	-	-	-	-
	Primêre skool	1	100.0	-	-	1	100.0	-	-	-	-	-	-
Transvaal	Sekondêre skool	26	63.4	15	36.6	41	100.0	3	100.0	-	-	3	100.0
	Primêre skool	8	72.7	3	27.3	11	100.0	2	50.0	2	50.0	4	100.0
Suidwes-Afrika	Sekondêre skool	2	50.0	2	50.0	4	100.0	-	-	-	-	-	-
	Primêre skool	2	66.7	1	33.3	3	100.0	2	100.0	-	-	2	100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	Sekondêre skool	1	100.0	-	-	1	100.0	-	-	-	-	-	-
	Primêre skool	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-departementele skole	Sekondêre skool	3	100.0	-	-	3	100.0	1	100.0	-	-	1	100.0
	Primêre skool	-	-	1	100.0	1	100.0	-	-	-	-	-	-
Totaal: Suid-Afrika	Sekondêre skool	51	68.0	24	32.0	75	100.0	7	70.0	3	30.0	10	100.0
	Primêre skool	17	60.7	11	39.3	28	100.0	5	45.5	6	54.5	11	100.0

TABEL 2.3 (vervolg 1)

BEDANKERS/VERSKUIWERS IN PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOLE TEN OPSIGTE VAN
DIE TWEE GESLAGTE

Onderwysdepartemente		Ander onderwysdepartemente						Totaal					
		Mans		Vrouens		Totaal		Mans		Vrouens		Totaal	
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Kaapland	Sekondêre skool	14	66.7	7	33.3	21	100.0	26	66.7	13	33.3	39	100.0
	Primêre skool	9	40.9	13	59.1	22	100.0	14	41.2	20	58.8	34	100.0
Natal	Sekondêre skool	2	25.0	6	75.0	8	100.0	9	52.9	8	47.1	17	100.0
	Primêre skool	1	20.0	4	80.0	5	100.0	3	30.0	7	70.0	10	100.0
Oranje-Vrystaat	Sekondêre skool	6	75.0	2	25.0	8	100.0	9	69.2	4	30.8	13	100.0
	Primêre skool	1	50.0	1	50.0	2	100.0	2	66.7	1	33.3	3	100.0
Transvaal	Sekondêre skool	20	71.4	8	28.6	28	100.0	49	68.1	23	31.9	72	100.0
	Primêre skool	11	52.4	10	47.6	21	100.0	21	58.3	15	41.7	36	100.0
Suidwes-Afrika	Sekondêre skool	5	83.3	1	16.7	6	100.0	7	70.0	3	30.0	10	100.0
	Primêre skool	4	57.1	3	42.9	7	100.0	8	66.7	4	33.3	12	100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	Sekondêre skool	1	100.0	-	-	1	100.0	2	100.0	-	-	2	100.0
	Primêre skool	-	-	1	100.0	1	100.0	-	-	1	100.0	1	100.0
Nie-departementele skole	Sekondêre skool	1	50.0	1	50.0	2	100.0	5	83.3	1	16.7	6	100.0
	Primêre skool	-	-	1	100.0	1	100.0	-	-	2	100.0	2	100.0
Totaal: Suid-Afrika	Sekondêre skool	49	66.2	25	33.8	74	100.0	107	67.3	52	32.7	159	100.0
	Primêre skool	26	44.1	33	55.9	59	100.0	48	49.0	50	51.0	98	100.0

TABEL 2.4

ONDERWYSERSVERLIESE IN DIE VERSKILLENDEN MEDIUMS VAN ONDERRIG

Onderwysdepartemente		Buite onderwys				Privaatskole			
		*A	**E	***P. D.	Totaal	A	E	P. D.	Totaal
Kaapland	N	12	5	13	30	1	3	1	5
	%	40.0	16.7	43.3	100.0	20.0	60.0	20.0	100.0
Natal	N	3	4	1	8	-	4	2	6
	%	37.5	50.0	12.5	100.0		66.7	33.3	100.0
Oranje-Vrystaat	N	4	-	4	8	-	-	-	-
	%	50.0		50.0	100.0				
Transvaal	N	33	12	7	52	-	7	-	7
	%	63.5	23.0	13.5	100.0		100.0		100.0
Suidwes-Afrika	N	5	-	2	7	2	-	-	2
	%	71.4		28.6	100.0	100.0			100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	N	3	4	16	23	-	-	1	1
	%	13.0	17.4	69.6	100.0			100.0	100.0
Nie-departementele skole	N	-	9	1	10	-	2	1	3
	%		90.0	10.0	100.0		66.7	33.3	100.0
Totaal: Suid-Afrika	N	60	34	44	138	3	16	5	24
	%								

*A = Afrikaansmedium

**E = Engelsmedium

***P. D. = Parallel- of dubbelmedium

TABEL 2.4 (vervolg 1)

ONDERWYSERSVERLIESE IN DIE VERSKILLENDEN MEDIUMS VAN ONDERRIG

Onderwysdepartemente	Ander onderwysdepartemente				Totaal				
	*A	**E	***P. D.	Totaal	A	E	P. D.	Totaal	
Kaapland	N	20	11	19	50	33	19	33	85
	%	40.0	22.0	38.0	100.0	38.8	22.4	38.8	100.0
Natal	N	2	4	7	13	5	12	10	27
	%	15.4	30.8	53.8	100.0	18.5	44.4	37.0	100.0
Oranje-Vrystaat	N	11	-	3	14	15	-	7	22
	%	78.6		21.4	100.0	68.2		31.8	100.0
Transvaal	N	33	10	7	50	66	29	14	109
	%	66.0	20.0	14.0	100.0	60.6	26.6	12.8	100.0
Suidwes-Afrika	N	9	1	4	14	16	1	6	23
	%	64.3	7.1	28.6	100.0	69.6	4.3	26.1	100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	N	1	6	8	15	4	10	25	39
	%	6.7	40.0	53.3	100.0	10.3	25.6	64.1	100.0
Nie-departementele skole	N	-	3	-	3	-	14	2	16
	%		100.0		100.0		87.5	12.5	100.0
Totaal: Suid-Afrika	N	76	35	48	159	139	85	97	321
	%					43.3	26.5	30.2	100.0

*A = Afrikaansmedium

**E = Engelsmedium

***P. D. = Parallel- of dubbelmedium

TABEL 2.5

TOTALE AANTAL SUIWER AFRIKAANS- EN ENGELSMEDIUMSKOLE VAN DIE VIER
SUID-AFRIKAANSE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE EN SUIDWES-AFRIKA,
ASOOK DIE PROVINSIALE ONDERSTEUNDE SKOLE SOOS OP 4 JUNIE 1963*

Medium	Kaapland	Natal	Oranje- Vrystaat	Transvaal	Suidwes- Afrika	Totaal
Afrikaans	554	24	13	263	52	906 (65.1%)
Engels	161	134	7	181	2	<u>485</u> (34.9%)
Uit die totaalbeeld in bostaande tabel kom dit aan die lig dat, uit die 321 bedankers en verskuiwers as groep, 59.8 persent bereid was om te verklaar dat hulle wel jonger vriende sou aanraai om die onderwys hulle loopbaan te maak, terwyl 24.3 persent ten opsigte van hierdie aangeleentheid onseker was. Gesamentlik loop dit uit op 'n persentasie van 84.1, wat 'n redelike beduidende ooreenkoms met die 86.9 persent bedankers en verskuiwers vertoon wat in tabel 8.2 bevestig het dat hulle bevrediging uit die onderwys put.

Wat egter hier van belang is, is die feit dat 59.8 persent van die bedankers en verskuiwers as groep, hulle probleme en griewe ten spyt, nogtans hierdie mate van idealisme en lojaliteit teenoor die onderwysberoep openbaar, en dit dra inderdaad nog groter gewig as in aanmerking geneem word dat 46.4 persent van genoemde groep hulle geheel en al onttrek het om na werkgewende instansies buite die onderwys uit te wyk. Gedagtig aan die tekort aan onderwysers in die land, dui die hierbo bespreekte feite op 'n verlies aan lojale goedgesinde onderwysers wat die land nie kan bekostig nie.

Hierdie argument kon nog verder gemotiveer word en regverdiging vind in die verslag: „Diensvoorwaardes en Diensomstandighede van Onderwysers” van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, waarin 'n soortgelyke vraag ter sprake gekom het, nl. : „Sal u 'n leerling aanraai om die onderwys as loopbaan te kies?”

Hieruit het geblyk dat 71.8 persent onderhoofde en assistente, 80.9 persent dosente en 82.9 persent skoolhoofde op die vraag bevestigend geantwoord het.

Van die 159 verskuiwers na ander onderwysdepartemente, was daar 113 (71.1%) ja-antwoorde op die vraag bo-aan tabel 8.6, terwyl 30 (18.9%) onseker was ten opsigte van die vraag.

In die verskillende onderwysdepartemente en nie-departementele skole, was Natal weer eens die beste daaraan toe wat betref verliese aan goedgesinde onderwysers, aangesien daar net 2 (25.0%) bedankers was met ja-antwoorde, teenoor Kaapland se 16 (53.3%) bedankers en die nie-departementele skole se 7 (70.0%) ja-antwoorde, waar die verlies die grootste is.

Indien daar nou oorgegaan na die redes vir die ja-antwoorde op die vraag of die bedanker- of verskuiweronderwyser sy jonger vriende sal aanraai om die onderwys sy loopbaan te maak, dan is dit duidelik dat dit hier sal gaan om redes met 'n baie sterk normatiewe inslag (geestelik en/of stoflik) en dit is dan ook inderdaad so, dat twee spesifieke redes prominent na vore tree wat byna tegelyk die deurslag gee, nl. :

TABEL 8.6

SAL U JONGER VRIENDE AANRAAI OM ONDERWYS HULLE LOOPBAAN
TE MAAK?

Onderwysdepartemente		Buite onderwys				Privaatskole					
		Ja	Nee	Onse- ker	Onbe- kend	Totaal	Ja	Nee	Onse- ker	Onbe- kend	Totaal
Kaapland	N	16	5	9	-	30	3	1	1	-	5
	%	53.3	16.7	30.0	-	100.0	60.0	20.0	20.0	-	100.0
Natal	N	2	4	2	-	8	4	-	2	-	6
	%	25.0	50.0	25.0	-	100.0	66.7	-	33.3	-	100.0
Oranje-Vrystaat	N	3	3	2	-	8	-	-	-	-	-
	%	37.5	37.5	25.0	-	100.0	-	-	-	-	-
Transvaal	N	23	15	14	-	52	5	-	2	-	7
	%	44.2	28.8	26.9	-	100.0	71.4	-	28.6	-	100.0
Suidwes-Afrika	N	3	2	2	-	7	2	-	-	-	2
	%	42.9	28.6	28.6	-	100.0	100.0	-	-	-	100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	N	10	5	8	-	23	1	-	-	-	1
	%	43.5	21.7	34.8	-	100.0	100.0	-	-	-	100.0
Nie-departementele skole	N	7	-	3	-	10	-	-	3	-	3
	%	70.0	-	30.0	-	100.0	-	-	100.0	-	100.0
TOTAAL	N	64	34	40	-	138	15	1	8	-	24
	%	46.4	24.6	29.0	-	100.0	62.5	4.2	33.3	-	100.0

TABEL 8.6 (vervolg 1)

SAL U JONGER VRIENDE AANRAAI OM ONDERWYS HULLE LOOPBAAN
TE MAAK ?

Onderwysdepartemente		Ander onderwysdepartemente					Totaal				
		Ja	Nee	Onse- ker	Onbe- kend	Totaal	Ja	Nee	Onse- ker	Onbe- kend	Totaal
Kaapland	N	41	3	6	-	50	60	9	16	-	85
	%	82.0	6.0	12.0	-	100.0	70.6	10.6	18.8	-	100.0
Natal	N	9	1	3	-	13	15	5	7	-	27
	%	69.2	7.7	23.1	-	100.0	55.6	18.5	25.9	-	100.0
Oranje-Vrystaat	N	8	1	5	-	14	11	4	7	-	22
	%	57.1	7.1	35.7	-	100.0	50.0	18.2	31.8	-	100.0
Transvaal	N	31	7	11	1	50	59	22	27	1	109
	%	62.0	14.0	22.0	2.0	100.0	54.1	20.2	24.8	0.9	100.0
Suidwes-Afrika	N	12	-	1	1	14	17	2	3	1	23
	%	85.7	-	7.1	7.1	100.0	73.9	8.7	13.0	4.3	100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	N	10	2	3	-	15	21	7	11	-	39
	%	66.7	13.4	20.0	-	100.0	53.8	17.9	28.2	-	100.0
Nie-departementele skole	N	2	-	1	-	3	9	-	7	-	16
	%	66.7	-	33.3	-	100.0	56.3	-	43.7	-	100.0
TOTAAL	N	113	14	30	2	159	192	49	78	2	321
	%	71.1	8.8	18.9	1.2	100.0	59.8	15.3	24.3	0.6	100.0

- (a) Diens aan medemens maak dit 'n edele profesie, en
- (b) Mits die persoon die nodige belangstelling en temperament vir die onderwys het.

'n Derde rede in die rangorde van belangrikheid het gegaan om: die sekuriteit en goeie salaris wat die onderwysberoep bied. Dit is dus verblydend om te kan identifiseer dat die Suid-Afrikaanse onderwysers ten spyte van hulle verwisseling van werkring weens een of ander grief en/of beter vooruitsigte elders, nog nie hulle geloof en sin van verantwoordelikheid prysgegee het nie. Dit is egter te betreur dat sekere anomalieë in die beroep hulle geen ander keuse laat het as om so 'n mate van mobiliteit aan die dag te lê nie. (Tabel 8.7.)

Volgens tabel 8.6, blyk dit dat 49 (15.3%) uit die 321 bedankers en verskuiwers as groep, 'n nee-antwoord gegee het op die vraag of hulle hul jonger vriende sou aanraai om die onderwys as loopbaan te kies. Van bogenoemde 49, dra 34 bedankers die grootste aandeel aan die nee-antwoorde, terwyl daar maar net een verskuiwer na privaat-skole was wat 'n nee-antwoord verstrekte het.

Weer eens kan daar verwys word na die verslag: „Diensvoorwaardes en Diensomstandighede van Onderwysers” in welke geval daar in tabel 2.3 bykans identiese feitlikhede aan die lig kom i. v. m. die vraag of leerlinge aangeraai sal word om die onderwys hulle loopbaan te maak. Dit blyk dat slegs 12.2 persent van die hoofde, 20.3 persent onderhoofde en assistente en 13.2 persent dosente nee-antwoorde op hierdie vraag verstrekte het.

Ten opsigte van die verskillende onderwysdepartemente en nie-departementele skole, was daar by laasgenoemde geen nee-antwoorde nie, in Suidwes-Afrika slegs 2 en in Transvaal soveel as 22. Dit is miskien 'n toestand, geoordeel volgens die nee-totale, wat as normaal beskou kan word, maar wat hier nie uit die gedagte verloor moet word nie, is die feit dat hierdie groepie mense erken het dat hulle nie hulle jonger vriende ten gunste van die onderwys sal beïnvloed nie, maar daarmee het hulle beslis nog nie aangevoer dat hulle die jonger vriende sal afraai nie.

By 'n ontleding van tabel 8.8 (bl. 166), wat gegewens verskaf ten opsigte van die redes waarom nee-antwoorde verstrekte was op die vraag of bedankers en verskuiwers hulle jonger vriende sou aanraai om die onderwys hulle loopbaan te maak, blyk dit uit die totaalbeeld dat dit by die verskuiwers na ander onderwysdepartemente hoofsaaklik gegaan het om ontevredenheid in verband met bevordering. Agt van die verskuiwers (57.1%) was gegrief oor die bevorderingsstelsel, terwyl 5 (35.7%) die ontoereikende bevorderingsmoontlikhede as rede vir hulle nee-antwoorde aangevoer het.

Wat die bedankers betref, was die karige salarisse die vernaamste kwelling. Hierdie rede was verantwoordelik vir 14 (41.2%) nee-antwoorde, en by 6 (17.6%) bedankers was die hoof-onderwyser-verhouding die belangrikste rede vir hulle standpunt.

Daar moet egter op gelet word dat indien die gegewens in tabel 8.8 as betroubaar beskou word, en dit dus 'n ware weergawe is van die algemene toestand in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika in die geheel, dan dui die werklike negatiewiteit in der waarheid op so 'n geringe omvang, dat dit van geen noemenswaardige belang is nie en net sowel buite rekening gelaat kan word.

Terug na tabel 8.6, blyk dit uit die bedankers en verskuiwers as groep, dat 78 persone onseker was of hulle, hulle jonger vriende gunstig teenoor die onderwysberoep sou beïnvloed. Die meerderheid hiervan, nl. 40, was bedankers, 8 het verskuif na privaat-skole en 30 na ander onderwysdepartemente.

As die redes (tabel 8.9, bl. 168) vir hierdie onseker-antwoorde in oënskou geneem word, dan lei dit tot die gevolgtrekking dat hierdie groep mense 'n meer deurdagte en versigtige mening op die vraag nagehou het, nl. indien die persoon die aanleg, temperament en belangstelling vir die onderwys het. Hierdie argument was verteenwoordigend van 17 (42.5%) bedankers, 5 (62.5%) verskuiwers na privaat-skole en 16 (53.3%) verskuiwers na ander onderwysdepartemente. Hieruit kan tereg afgelei word dat hulle nie heeltemal onverskillig teenoor die onderwys staan nie, aangesien hulle net onseker was in soverre hulle kon vasstel of die persoon die nodige aanleg, temperament en belangstelling vir die onderwys het.

Die tweede belangrikste rede vir die voorgenoemde weifelende houding was: omdat die bevordering, status en gemeenskapsverhouding nie na wense is nie. Hierdie rede word aangevoer deur 8 (20.0%) bedankers, 2 (25.0%) verskuiwers na privaat-skole en 5 (16.7%) verskuiwers na ander onderwysdepartemente. Weer eens is hierdie minimale getalle vir die land as geheel,

TABEL 8.7

REDES VIR DIE JA-ANTWOORDE:- WAAROM BEDANKERS/VERSKUIWERS HULLE JONGER VRIENDE
SAL AANRAAI OM ONDERWYS HUL LOOPBAAN TE MAAK

Redes	Kaapland			Natal			Oranje-Vrystaat			Transvaal			
	*B	**Priv.	***A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	
Diens aan medemens, dis 'n edele professie, dit is vergoedend	N 5 % 31.3	- -	12 29.3	- -	3 0.75 75.0	5 55.5	- -	- -	3 37.5	8 34.8	2 40.0	5 16.1	
Het sekuriteit, verskeie voordele en 'n goeie salaris	N 4 % 25.0	1 33.3	3 7.3	- -	1 0.25 25.0	1 11.1	1 33.3	- -	1 12.5	6 26.1	3 60.0	4 12.9	
Indien die persoon die aanleg,tempera- ment en belangstelling daarvoor het	N 5 % 31.3	1 33.3	15 36.6	1 50.0	2 50.0	2 22.2	1 33.3	- -	2 25.0	4 17.4	- -	12 38.7	
Die onderwys het mense nodig om die volk op te voed	N 1 % 6.3	- -	5 12.2	1 50.0	- -	- -	- -	- -	- -	2 8.7	1 20.0	4 12.9	
Solank die persoon geen vorige onder- vinding het nie	N 1 % 6.3	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	1 3.2	
Kan jou ideale uitleef	N 1 % 6.3	1 33.3	5 12.2	- -	- -	2 22.2	- -	- -	- -	2 8.7	- -	2 6.4	
Ideale beroep vir 'n dame	N - % -	- -	1 2.4	- -	- -	1 11.1	- -	- -	- -	1 4.3	- -	1 3.2	
'n Beroep slegs vir gegradueerdes	N - % -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	
Onbekend	N - % -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	
TOTAAL		16	3	41	2	4	9	3	-	8	23	5	31

*B = Buite onderwys **Priv. = Privaatskole ***A. Dept. = Ander onderwysdepartemente

TABEL 8.7 (vervolg 1)

REDES VIR DIE JA-ANTWOORDE:- WAAROM BEDANKERS/VERSKUIWERS HULLE JONGER VRIENDE
SAL AANRAAI OM ONDERWYS HUL LOOPBAAN TE MAAK

Redes		Suidwes-Afrika			Onderwys, Kuns en Wetenskap			Nie-departementele skole			Totaal		
		*B	**Priv.	***A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.
Diens aan medemens, dis 'n edele professie, dit is vergoedend	N	1	1	5	3	-	5	1	-	1	18	6	36
	%	33.3	50.0	41.7	30.0	-	50.0	14.3	-	50.0	28.1	30.0 40.0	31.8
Het sekuriteit, verskeie voordele en 'n goeie salaris	N	-	1	1	1	-	-	1	-	-	13	6	10
	%	-	50.0	8.3	10.0	-	-	14.3	-	-	20.3	30.0 40.0	8.8
Indien die persoon die aanleg, tempera- ment en belangstelling daarvoor het	N	1	-	5	3	-	4	2	-	1	17	3	41
	%	33.3	-	41.7	30.0	-	40.0	28.5	-	50.0	26.6	19.9 20.0	36.2
Die onderwys het mense nodig om die volk op te voed	N	-	-	-	2	-	1	2	-	-	8	1	10
	%	-	-	-	20.0	-	10.0	28.5	-	-	12.5	6.7	8.8
Solank die persoon geen vorige onder- vinding het nie	N	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1
	%	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1.5	-	0.8
Kan jou ideale uitleef	N	-	-	-	2	1	1	1	-	-	6	3.0	10
	%	-	-	-	20.0	100.0	10.0	14.3	-	-	9.3	10.0 13.3	8.8
Ideale beroep vir 'n dame	N	-	-	1	-	-	-	1	-	-	2	-	4
	%	-	-	8.3	-	-	-	14.3	-	-	3.1	-	3.5
'n Beroep slegs vir gegradueerdes	N	1	-	-	-	-	-	1	-	-	2	-	-
	%	33.3	-	-	-	-	-	14.3	-	-	3.1	-	-
Onbekend	N	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	%	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL		3	2	12	10	1	10	7	-	2	64	15	113

*B = Buite onderwys

**Priv. = Privaatskole

***A. Dept. = Ander onderwysdepartemente

TABEL 8.8

REDES VIR DIE NEE-ANTWOORDE:- WAAROM BEDANKERS/VERSKUIWERS NIE HULLE
JONGER VRIENDE SAL AANRAAI OM ONDERWYS HUL LOOPBAAN TE MAAK NIE

		Kaapland			Natal			Oranje-Vrystaat			Transvaal		
		*B	**Priv.	***A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.
Ideale beroep vir 'n dame maar nie vir 'n man nie	N	1	-	-	-	-	-	2	-	-	-	-	1
	%	20.0	-	-	-	-	-	66.7	-	-	-	-	14.3
Bevorderingstelsel	N	1	-	1	-	-	-	-	-	-	4	-	6
	%	20.0	-	33.3	-	-	-	-	-	-	26.7	-	85.7
Bevorderingsmoontlikhede	N	1	-	1	-	-	-	-	-	1	1	-	2
	%	20.0	-	33.3	-	-	-	-	-	100.0	6.7	-	28.6
Hoof - onderwyser verhouding - onderwyser bly onvolwasse	N	-	-	-	-	-	-	1	-	-	4	-	-
	%	-	-	-	-	-	-	33.3	-	-	26.7	-	-
Salaris en salarisskale	N	3	-	-	2	-	-	1	-	-	5	-	1
	%	60.0	-	-	50.0	-	-	33.3	-	-	33.3	-	14.3
Optrede en behandeling van onderwys-departement en diensvoorwaardes	N	-	-	-	-	-	-	-	-	1	5	-	-
	%	-	-	-	-	-	-	-	-	100.0	33.3	-	-
Buitemuurse aktiwiteite/ Administratiewe werk	N	1	1	1	-	-	-	-	-	-	1	-	-
	%	20.0	100.0	33.3	-	-	-	-	-	-	6.7	-	-
Elke persoon moet sy eie beroep kies	N	-	-	-	2	-	1	-	-	-	1	-	1
	%	-	-	-	50.0	-	100.0	-	-	-	6.7	-	14.3
Groot klasse, groot skool en differensiasie	N	-	1	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-
	%	-	100.0	-	-	-	-	-	-	-	6.7	-	-
Onbekend	N	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	%	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	N	5	1	3	4	-	1	3	-	1	15	-	7

*B = Buite onderwys

**Priv. = Privaatskole

***A. Dept. = Ander onderwysdepartemente

TABEL 8.8 (vervolg 1)

REDES VIR DIE NEE-ANTWOORDE:- WAAROM BEDANKERS/VERSKUIWERS NIE HULLE
JONGER VRIENDE SAL AANRAAI OM ONDERWYS HUL LOOPBAAN TE MAAK NIE

Redes		Suidwes-Afrika			Onderwys, Kuns en Wetenskap			Nie-departementele skole			Totaal		
		*B	**Priv.	***A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.
Ideale beroep vir 'n dame maar nie vir 'n man nie	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	3 8.8	- -	1 7.1
Bevorderingstelsel	N %	- -	- -	- -	- -	- 50.0	1 -	- -	- -	- -	5 14.7	- -	8 57.1
Bevorderingsmoontlikhede	N %	- -	- -	- -	- -	- 50.0	1 -	- -	- -	- -	2 5.9	- -	5 35.7
Hoof - onderwyser verhouding - onderwyser bly onvolwasse	N %	- -	- -	- -	1 20.0	- -	- -	- -	- -	- -	6 17.6	- -	- -
Salaris en salarisskale	N %	- -	- -	- -	3 60.0	- -	- -	- -	- -	- -	14 41.2	- -	1 7.1
Optrede en behandeling van onderwys-departement en diensvoorwaardes	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	5 14.7	- -	1 7.1
Buitemuurse aktiwiteite/ Administratiewe werk	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	2 5.9	1 100.0	1 7.1
Elke persoon moet sy eie beroep kies	N %	1 50.0	- -	- -	1 20.0	- -	- -	- -	- -	- -	5 14.7	- -	2 14.3
Groot klasse, groot skool en differensiasie	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	1 2.9	1 100.0	- -
Onbekend	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -
TOTAAL	N	2	-	-	5	-	2	-	-	-	34	1	14

*B = Buite onderwys

**Priv. = Privaatskole

***A. Dept. = Ander onderwysdepartemente

TABEL 8.9

REDES VIR DIE ONSEKER-ANTWOORDE:- WAAROM BEDANKERS/VERSKUIWERS HULLE JONGER VRIENDE
SAL AANRAAI OM ONDERWYS HUL LOOPBAAN TE MAAK

Redes		Kaapland			Natal			Oranje-Vrystaat			Transvaal		
		*B	**Priv.	***A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.
Disiplinêre probleme	N	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-
	%	-	-	-	-	-	-	-	-	-	7.1	-	-
Elke persoon moet sy eie beroep kies	N	-	-	1	-	-	-	-	-	1	3	-	-
	%	-	-	16.7	-	-	-	-	-	20.0	21.4	-	-
Indien bevordering, status en gemeenskapsverhouding verander	N	2	1	1	-	-	-	-	-	2	4	-	2
	%	22.2	100.0	16.7	-	-	-	-	-	40.0	28.6	-	18.1
Optrede en behandeling van onderwysdepartemente	N	-	-	1	-	-	-	-	-	-	1	-	-
	%	-	-	16.7	-	-	-	-	-	-	7.1	-	-
Indien die persoon die aanleg, temperament en belangstelling daarvoor het	N	5	-	2	-	2	2	1	-	1	4	2	7
	%	55.6	-	33.3	-	100.0	66.7	50.0	-	20.0	28.6	100.0	63.6
Vir dames is dit die regte beroep maar mans kan beter daarbuite doen	N	-	-	1	-	-	-	-	-	-	2	-	1
	%	-	-	16.7	-	-	-	-	-	-	14.2	-	9.0
Groot klasse, groot skool en differensiasie	N	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	%	100.0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Tydelike hoedanigheid van getroude vrou	N	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	%	-	-	16.7	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Administratiewe werk/buitemuurse aktiwiteite	N	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1
	%	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	9.0
Onbekend	N	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	%	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL		9	1	6	2	2	3	2	-	5	14	2	11

*B = Buite onderwys **Priv. = Privaatskole ***A. Dept. = Ander onderwysdepartemente

TABEL 8.9 (vervolg 1)

REDES VIR DIE ONSEKER-ANTWOORDE:- WAAROM BEDANKERS/VERSKUIWERS HULLE JONGER VRIENDE
SAL AANRAAI OM ONDERWYS HUL LOOPBAAN TE MAAK

Redes		Suidwes-Afrika			Onderwys, Kuns en Wetenskap			Nie-departementele skole			Totaal		
		*B	**Priv.	***A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.	B	Priv.	A. Dept.
Dissiplinêre probleme	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	1 2.5	- -	- -
Elke persoon moet sy eie beroep kies	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	2 6.7	1 33.3	- -	5 12.5	1 12.5	2 6.7
Indien bevordering, status en gemeenskapsverhouding verander	N %	- -	- -	- -	2 25.0	- -	- -	- -	1 33.3	- -	8 20.0	2 25.0	5 16.7
Optrede en behandeling van onderwysdepartement	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	1 2.5	- -	1 3.3
Indien die persoon die aanleg, temperament en belangstelling daarvoor het	N %	1 50.0	- -	1 100.0	5 62.5	- -	2 66.7	1 33.3	1 33.3	1 100.0	17 42.5	5 62.5	16 53.3
Vir dames is dit die regte beroep maar mans kan beter daarbuite doen	N %	1 50.0	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	3 7.5	- -	2 6.7
Groot klasse, groot skool en differensiasie	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	1 12.5	- -
Tydlike hoedanigheid van getroude vroue	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	1 3.3
Administratiewe werk/buitemuurse aktiwiteite	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	1 3.3
Onbekend	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -
TOTAAL		2	-	1	8	-	3	3	3	1	40	8	30

*B = Buite onderwys

**Priv. = Privaatskole

***A. Dept. = Ander onderwysdepartemente

in werklikheid van onbeduidende belang.

8.6 HERTOETREDE TOT DIE ONDERWYSBEROEP

Ten einde hierdie hoofstuk in verband met die gesindhede van bedankers en verskuiwers teenoor die onderwysberoep, te voltooi, volg laastens 'n interpretasie en beskrywing van gegewens in tabel 8.10 wat handel oor die vraag of die onderwyser dit sou oorweeg om later 'n hertoetrede tot die onderwysberoep te maak. (Kyk tabel 8.10.)

Aangesien verskuiwers in werklikheid nog in die onderwys staan en nie 'n hertoetrede kan maak nie, word hulle hier buite rekening gelaat.

By die ontleding dus, van die bedankers alleen, blyk dit dat uit die 138 in totaal, 75 (54.4%) ja-antwoorde verstrek het en 44 (31.9%) getwyfel het in verband met bogenoemde aangeleentheid, terwyl 13 (9.4%) met beslis nie geantwoord het.

Met tabel 8.2 weer eens ter sprake, is dit opmerklik dat 75.4 persent bedankers uit 'n totaal van 138 bereid was om te erken dat hulle bevrediging uit die onderwysberoep put.

So was daar in tabel 8.5:

26.8 persent wat nogal van die onderwys hou
31.9 persent wat baie van die onderwys hou
29.7 persent wat entoesiasies is oor hul werk,
88.4 persent totaal,

maar toe dieselfde groep mense in tabel 8.10 genader word met die vraag of hulle later 'n hertoetrede tot die onderwys sal oorweeg, het die persentasie ja-antwoorde tot 54.4 gedaal.

Dit is interessant dat die bogenoemde gegewens 'n baie groot mate van ooreenkoms vertoon met die verslag: „Diensvoorwaardes en Diensomstandighede van Onderwysers" waarin die volgende vrae gestel word:

- (a) Is u tevrede en gelukkig in u werk as onderwyser?
- (b) As u weer kon kies, sou u weer verkies om onderwyser(es) te word?

Die verskil in ja-antwoorde ten opsigte van hierdie twee vrae was soos volg:

Vraag	Skoolhoofde	Onderhoofde en assistente	Dosente
(a)	82.5%	81.4%	88.0%
(b)	65.2%	62.2%	<u>64.4%</u>

Daar kan dus tereg tot die slotsom gekom word dat, alhoewel hierdie bedankers ontseggelik bewus was van die belangrikheid van hierdie verhewe roeping, hulle ontevredenheid van so 'n aard was, dat baie van hulle nie hulle weg oopgesien het om later tot die onderwys terug te keer nie.

Hierdie aangleentheid het inderdaad nog 'n breër omvang as in aanmerking geneem word dat ou gevestigde belange en dure professionele ervaring somer summier oor boord gegooi word, ten spyte van die feit dat enige persoon hom by die beantwoording van die vraag, of 'n latere hertoetrede tot die onderwys oorweeg sal word, rasideel behoort te laat lei het.

Die toestand in die verskillende onderwysdepartemente en nie-departementele skole bring aan die lig dat die ja-antwoorde in verband met 'n hertoetrede tot die onderwys, wissel vanaf 70.0 persent in die nie-departementele skole, tot 25.0 persent in die Natalse onderwysdepartement waar die minste entoesiasme vir so 'n stap blyk te wees, maar terselfdertyd ook die kleinste verlies aan goedgesinde onderwysers.

TABEL 8.10

SOU U LATER 'N HERTOETREDE TOT DIE ONDERWYS OORWEEG?

Besonderhede	Kaapland		Natal		Oranje-Vrystaat		Transvaal		Suidwes-Afrika		Onderwys, Kuns en Wetenskap		Nie-departementele skole		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	20	66.7	2	25.0	4	50.0	23	44.2	3	42.9	16	69.5	7	70.0	75	54.4
Twyfelagtig	8	26.7	4	50.0	4	50.0	17	32.7	4	57.1	5	21.7	2	20.0	44	31.9
Beslis nie	1	3.3	1	12.5	-	-	8	15.4	-	-	2	8.7	1	10.0	13	9.4
Onbeantwoord	1	3.3	1	12.5	-	-	4	7.7	-	-	-	-	-	-	6	4.3
TOTAAL	30	100.0	8	100.0	8	100.0	52	100.0	7	100.0	23	100.0	10	100.0	138	100.0

In die geheel geneem, blyk dit uit hierdie hoofstuk dat onderwysers wat òf bedank het, òf na ander onderwysinstansies verskuif het, beslis nog onder die diepe besef van hulle verantwoordelikheid as steungewende volwassenes verkeer.

Die beste bewys hiervoor word gevind in die feit dat bedankers en verskuiwers as groep deurgaans 'n aansienlike hoër persentasie positiewe antwoorde as negatiewe antwoorde verstrek het, en juis dit aksentueer die verontrustende feit dat dit grootliks die gewillige is wat om een of ander rede of redes (nie-stoflik) gedwing word om nuwe arbeidsvelde te gaan soek. Motivering hiervoor word gevind in die feit dat die kwessie van salarisse feitlik deurgaans 'n ondergeskikte plek by die gesindhedsbepaling van bedankers en verskuiwers teenoor die onderwys inneem.

By die interpretasie van gegewens ten opsigte van bedankers en verskuiwers as individuele groepe, kom dit aan die lig dat die bedankers as groep in 'n groot mate meer negatief teenoor die onderwysberoep staan as die ander, terwyl die verskuiwers na ander onderwysdepartemente weer 'n groter mate van negatiewe gesindhede aan die dag lê as verskuiwers na privaatskole. (Kyk tabel 8.11,)

Met behulp van tabel 8.11, as opgaaf van gemiddelde persentasie ja-antwoorde in hoofstuk 8, kom dit aan die lig dat Natal in die meeste gevalle die kleinste verlies toon, veral aan bedankers met positiewe gesindhede, terwyl die Kaaplandse Onderwysdepartement en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, in hierdie geval, feitlik gelyktydig die grootste verliese toon. Hierdie hoofstuk moet dus inderdaad gesien word in die lig van kwalitatiewe verliese, liever as in die lig van kwantitatiewe verliese aan onderwysers.

TABEL 8.11

GEMIDDELDE PERSENTASIES VAN AL DIE JA-ANTWOORDE
 NA AANLEIDING VAN DIE TABELLE IN HOOFSTUK 8

Kaapland	Natal	Oranje-Vrystaat	Transvaal	Suidwes-Afrika	Onderwys, Kuns en Wetenskap	Nie-departementele skole
66.1%	51.4%	60.5%	60.5%	53.6%	66.4%	64.5%

HOOFSTUK 9

GRADERING VAN DIE BEDANKERS EN VERSKUIWERS

9.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die gradering bespreek van die onderwysers wat **betrekkings** buite die onderwys, by 'n privaatskool of by 'n ander onderwysdepartement aanvaar het. Die skoolhoofde is eerstens gevra om die bedankers te gradeer ten opsigte van **sekere eienskappe** wat 'n onderwyser behoort te besit om 'n **suksesvolle** onderwyser te wees, en **tweedens** moes die skoolhoofde (na hul mening), volgens 'n **sespuntskaal** aantoon in watter mate die bedankers en verskuiwers 'n verlies vir die onderwys as geheel, of 'n verlies vir die betrokke onderwysdepartement of beheerende liggaam, is.

9.2 GRADERING VAN BEDANKERS VOLGENS SEKERE EIENSKAPPE WAT 'N ONDERWYSER BEHOORT TE BESIT

Ten opsigte van die bedankers, dit wil sê die onderwysers wat 'n **betrekking** buite die onderwys aanvaar het, moes die betrokke skoolhoofde die bedankers ten opsigte van **sekere eienskappe** volgens 'n **sespuntskaal** gradeer om aan te dui in watter mate die bedankers aan die eienskappe voldoen. Die graderingskaal is soos volg: 1 uitstekend, 2 baie goed, 3 goed, 4 gemiddeld, 5 onder gemiddeld en 6 swak; in tabel 9.1 word hierdie gegewens aangedui vir die land as geheel en die onderwysdepartemente van Kaapland, Natal, Oranje-Vrystaat, Transvaal, Suidwes-Afrika, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die nie-departementele skole. (Kyk tabel 9.1.)

Om tot 'n **rasionele ontleding** van die gegewens te kom, is dit nodig om die betrokke **eienskappe** in 'n rangorde te plaas, dit wil sê in 'n rangorde van belangrikheid volgens die skoolhoofde se menings. Hiervolgens is vir die land as geheel en die verskillende onderwysdepartemente, 'n **vergelykende tabel** opgestel waarin die eienskappe van die bedankers in 'n rangorde geplaas is.

Uit die **vergelykende tabel** is dit duidelik dat die **„kenner van sy vak(ke)“** die **eienskap van** die bedankers is wat die hoogste gegradeer is. Hierna volg die eienskappe **„getroue werker“**, **„inisiatief“** en **„sosiale aanpassing“** in hierdie volgorde met **„ervaring in die onderwys“** as die eienskap wat laaste op die ranglys verskyn.

Die feit dat die meeste onderwysers wat bedank, kenners van hul vak(ke) en getroue werkers is, asook **inisiatief** besit, is **verontrustend**, gesien in die lig van die gehalte onderwyser wat dan die diens verlaat.

9.3 TOT WATTER MATE IS DIE BEDANKERS EN VERSKUIWERS 'N VERLIES VIR DIE ONDERWYS

Die skoolhoofde van die onderwysers wat bedank of verskuif het, is gevra om aan te dui tot watter mate die bedankers en verskuiwers 'n verlies vir die onderwys is.

Die bedankers en verskuiwers word deur hul hoofde volgens 'n **graderingskaal** van 1 tot 6 gegradeer, waar 1 „'n groot verlies“ en 6 „geen verlies“ impliseer. Dit is dus voor die hand liggend om die bedankers en verskuiwers wat van 1 tot 5 op die graderings-skaal gegradeer is, as wel 'n verlies in 'n mindere of meerdere mate vir die onderwys te beskou. (Kyk tabel 9.2.)

Die volgende afleiding kan van die gegewens in tabel 9.2 gemaak word ten opsigte van die gradering van die bedankers en verskuiwers:

(a) Vir die land as geheel

Slegs die onderwysers wat bedank het om 'n **betrekking** buite die onderwys te aanvaar, kan as 'n **totale verlies** vir die onderwys in die land beskou word. Die **verskuiwing** van onderwysers na en van privaatskole en na en van ander onderwysdepartemente kan nie as 'n **verlies** vir die land se onderwys beskou word nie, maar wel (soos dit later duidelik sal blyk) 'n **verlies** vir die betrokke onderwysdepartement of beheerende liggaam.

TABEL 9.1

'N VERGELYKENDE TABEL VAN DIE EIENSKAPPE TEN OPSIGTE
VAN DIE BEDANKERS (Die eienskappe word in dalende orde genoem)

Vir die land as geheel	Kaapse Onderwysdepartement
1. Kenner van sy vak(ke)	1. Kenner van sy vak(ke)
2. Getroue werker	2. Sosiale aanpassing
3. (Inisiatief (Sosiale aanpassing	3. Handhawing van dissipline
5. Handhawing van dissipline	4. (Getroue werker (Inisiatief
6. Belangstelling in werk	6. Hantering van leerlinge
7. Hantering van leerlinge	7. Algemene geskiktheid as onderwyser
8. Natuurlike aanleg vir onderwys	8. (Natuurlike aanleg vir onderwys (Regte professionele houding
9. Klastegniek	
10. (Regte professionele houding (Algemene geskiktheid as onderwyser	10. (Belangstelling in werk (Klastegniek
12. Temperamentele geskiktheid	12. Temperamentele geskiktheid
13. Ervaring in die onderwys	13. Ervaring in die onderwys

Natalse Onderwysdepartement	Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement
1. (Inisiatief (Handhawing van dissipline	1. Kenner van sy vak(ke)
3. Hantering van leerlinge	2. Sosiale aanpassing
4. (Belangstelling in werk (Kenner van sy vak(ke) (Klastegniek	3. (Getroue werker (Natuurlike aanleg vir onderwys (Klastegniek (Temperamentele geskiktheid
7. Regte professionele houding	7. (Handhawing van dissipline (Hantering van leerlinge
8. (Getroue werker (Sosiale aanpassing (Natuurlike aanleg vir onderwys (Algemene geskiktheid as onderwyser	9. (Inisiatief (Ervaring in die onderwys
12. Temperamentele geskiktheid Ervaring in die onderwys	11. Regte professionele houding 12. Belangstelling in werk Algemene geskiktheid vir onderwys

TABEL 9.1 (vervolg 1)

'N VERGELYKENDE TABEL VAN DIE EIENSKAPPE TEN OPSIGTE
VAN DIE BEDANKERS (Die eienskappe word in dalende orde genoem)

Transvaalse Onderwysdepartement	Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika
1. Kenner van sy vak(ke)	1. Kenner van sy vak(ke)
2. Getroue werker	2. (Getroue werker
3. Inisiatief	(Belangstelling in werk
4. Handhawing van dissipline	4. Hantering van leerlinge
5. Belangstelling in werk	5. (Sosiale aanpassing
6. Sosiale aanpassing	(Handhawing van dissipline
7. Natuurlike aanleg vir onderwys	(Temperamentele geskiktheid
8. Hantering van leerlinge	8. (Inisiatief
9. (Regte professionele houding	(Klastegniek
(Temperamentele geskiktheid	(Regte professionele houding
11. Klastegniek	(Algemene geskiktheid as onderwyser
12. Algemene geskiktheid as onderwyser	12. Natuurlike aanleg vir onderwys
13. Ervaring in die onderwys	13. Ervaring in onderwys

Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap	Nie-departementele skole
1. Kenner van sy vak(ke)	1. Kenner van sy vak(ke)
2. Belangstelling in werk	2. (Getroue werker
3. Getroue werker	(Sosiale aanpassing
4. (Handhawing van dissipline	4. (Belangstelling in werk
(Hantering van leerlinge	(Hantering van leerlinge
6. Inisiatief	6. Inisiatief
7. Sosiale aanpassing	7. (Handhawing van dissipline
8. (Natuurlike aanleg vir onderwys	(Natuurlike aanleg vir onderwys
(Temperamentele geskiktheid	9. (Algemene geskiktheid vir onderwys
(Algemene geskiktheid as onderwyser	(Ervaring in onderwys
11. (Klastegniek	11. (Klastegniek
(Regte professionele houding	(Regte professionele houding
13. Ervaring in die onderwys	(Temperamentele geskiktheid

TABEL 9.2

TOT WATTER MATE IS DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS 'N VERLIES VIR
DIE ONDERWYS

Onderwysdepartement	Buite onderwys						Onbe- kend	Totaal	
	Groot verlies			Geen verlies					
	1	2	3	4	5	6			
Kaapland	N	8	4	4	4	2	1	7	30
	%	26.7	13.3	13.3	13.3	16.7	3.3	23.3	100.0
Natal	N	-	2	2	2	1	1	-	8
	%	-	25.0	25.0	25.0	12.5	12.5	-	100.0
Oranje-Vrystaat	N	-	2	3	3	-	-	-	8
	%	-	25.0	37.5	37.5	-	-	-	100.0
Transvaal	N	8	9	12	10	3	7	3	52
	%	15.3	17.3	23.1	19.2	5.8	13.5	5.8	100.0
Suidwes-Afrika	N	2	2	1	2	-	-	-	7
	%	28.6	28.6	14.2	28.6	-	-	-	100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	N	6	5	7	1	1	1	2	23
	%	26.1	21.7	30.5	4.3	4.3	4.3	8.7	100.0
Nie-departementele skole	N	1	3	3	-	1	1	1	10
	%	10.0	30.0	30.0	-	10.0	10.0	10.0	100.0
Totaal: Suid-Afrika	N	25	27	32	22	8	11	13	138
	%	18.1	19.6	23.2	15.9	5.8	8.0	9.4	100.0

TABEL 9.2 (vervolg 1)

TOT WATTER MATE IS DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS 'N VERLIES VIR
DIE ONDERWYS

Onderwysdepartement	Privaatskole						Onbe- kend	Totaal	
	Groot verlies			Geen verlies					
	1	2	3	4	5	6			
Kaapland	N %	2 40.0	- -	1 20.0	- -	1 20.0	- -	1 20.0	5 100.0
Natal	N %	2 33.3	1 16.7	1 16.7	1 16.7	- -	- -	1 16.7	6 100.0
Oranje-Vrystaat	N %	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -	- -
Transvaal	N %	2 28.5	1 14.3	2 28.6	1 14.3	- -	- -	1 14.3	7 100.0
Suidwes-Afrika	N %	- -	- -	1 50.0	- -	- -	1 50.0	- -	2 100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	N %	- -	- -	- -	- -	- -	1 100.0	- -	1 100.0
Nie-departementele skole	N %	1 33.3	1 33.3	1 33.3	- -	- -	- -	- -	3 100.0
Totaal: Suid-Afrika	N %	7 29.2	3 12.5	6 25.0	2 8.3	1 4.2	2 8.3	3 12.5	24 100.0

TABEL 9.2 (vervolg 2)

TOT WATTER MATE IS DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS 'N VERLIES VIR
DIE ONDERWYS

Onderwysdepartement	Ander onderwysdepartemente								Totaal
	Groot verlies	Geen verlies						Onbe- kend	
		1	2	3	4	5	6		
Kaapland	N %	7 14.0	10 20.0	11 22.0	5 10.0	1 2.0	2 4.0	14 28.0	50 100.0
Natal	N %	3 23.1	3 23.1	2 15.4	2 15.3	- -	- -	3 23.1	13 100.0
Oranje-Vrystaat	N %	- -	9 64.3	1 7.1	- -	1 7.1	- -	3 21.4	14 100.0
Transvaal	N %	12 24.0	9 18.0	17 34.0	6 12.0	4 8.0	- -	2 4.0	50 100.0
Suidwes-Afrika	N %	4 28.6	4 28.6	4 28.6	1 7.1	- -	- -	1 7.1	14 100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	N %	3 20.0	5 33.3	5 33.3	- -	- -	- -	2 13.3	15 100.0
Nie-departementele skole	N %	2 66.7	- -	1 33.3	- -	- -	- -	- -	3 100.0
Totaal: Suid-Afrika	N %	31 19.5	40 25.1	41 25.8	14 8.8	6 3.8	2 1.2	25 15.7	159 100.0

TABEL 9.2 (vervolg 3)

TOT WATTER MATE IS DIE BEDANKERS/VERSKUIWERS 'N VERLIES VIR
DIE ONDERWYS

Onderwysdepartemente	Totaal								Totaal
	Groot verlies				Geen verlies		Onbekend		
	1	2	3	4	5	6			
Kaapland	N	17	14	16	9	4	3	22	85
	%	20.0	16.5	18.8	10.6	4.7	3.5	25.9	100.0
Natal	N	5	6	5	5	1	1	4	27
	%	18.5	22.2	18.5	18.5	3.7	3.7	14.8	100.0
Oranje-Vrystaat	N	-	11	4	3	1	-	3	22
	%	-	50.0	18.2	13.6	4.5	-	13.6	100.0
Transvaal	N	22	19	31	17	7	7	6	109
	%	20.2	17.4	28.4	15.6	6.4	6.4	5.5	100.0
Suidwes-Afrika	N	6	6	6	3	-	1	1	23
	%	26.1	26.1	26.1	13.0	-	4.3	4.3	100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	N	9	10	12	1	1	2	4	39
	%	23.1	25.6	30.7	2.6	2.6	5.1	10.3	100.0
Nie-departementele skole	N	4	4	5	-	1	1	1	16
	%	25.0	25.0	31.1	-	6.3	6.3	6.3	100.0
Totaal: Suid-Afrika	N	63	70	79	38	15	15	41	321
	%	19.6	21.8	24.6	11.8	4.7	4.7	12.8	100.0

Van die onderwysers wat bedank het om 'n betrekking buite die onderwys te aanvaar, is 18.1 persent deur die skoolhoofde as 'n groot verlies en 8.0 persent as geen verlies gegradeer. Soos reeds vermeld, moet bygevoeg word dat die bedankers wat van 2 tot 5 op die graderingskaal gegradeer is, ook in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies vir die onderwys beskou moet word, gevolglik kan in 'n mindere of meerdere mate 'n totaal van 82.6 persent van die bedankers as 'n verlies vir die onderwys gereken word. (Genoemde 82.6 persent bestaan uit die volgende: die 18.1% bedankers onder 1 gegradeer, die 19.6% bedankers onder 2, die 23.2% bedankers onder 3, die 15.9% onder 4 en die 5.8% bedankers wat onder 5 op die graderingskaal gegradeer is). As die bedankers wat as graad 1 tot 3 geklassifiseer is, gegroepeer word, blyk daar 60.9 persent bedankers te wees wat as 'n gevoelige verlies vir die onderwys beskou kan word, terwyl die oorblywende bedankers, behalwe dié wat as geen verlies gegradeer is, in 'n mindere mate as 'n verlies beskou kan word.

(b) Beeld volgens onderwysowerhede:

(i) Die Kaaplandse Onderwysdepartement

Van die onderwysers wat bedank het om 'n betrekking buite die onderwys te aanvaar, kan 73.3 persent in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (bedankers gegradeer van 1 tot 5) waarby ingesluit is 26.7 persent wat deur die hoofde as 'n groot verlies bestempel is, terwyl slegs 3.3 persent (1 bedanker) as geen verlies gegradeer is.

Van die onderwysers wat verskuif het na privaatskole, kan almal in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 40.0 persent verskuiwers wat as 'n groot verlies gegradeer is. Geen verskuiwers is as geen verlies gegradeer nie.

Van die verskuiwers na ander onderwysdepartemente kan 68.0 persent in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 14.0 persent wat as 'n groot verlies beskou is, terwyl slegs 4.0 persent (2 verskuiwers) as geen verlies gegradeer is.

Vir die Kaaplandse Onderwysdepartement sal in totaal 70.6 persent bedankers en verskuiwers in 'n mindere of meerdere mate 'n verlies wees (bedankers en verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 20.0 persent wat as 'n groot verlies beskou kan word, terwyl slegs 3.5 persent (3 bedankers en verskuiwers) as geen verlies gegradeer is.

(ii) Die Natalse Onderwysdepartement

Van die bedankers kan 87.5 persent in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (bedankers gegradeer van 2 tot 5), terwyl slegs 12.5 persent (1 bedanker) as geen verlies gegradeer is.

Van die onderwysers wat na 'n privaatskool verskuif het, kan behalwe 1 onderwyser al die ander verskuiwers in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 33.3 persent wat as 'n groot verlies beskou is.

Van die onderwysers wat na 'n ander onderwysdepartement verskuif het, kan ook almal in 'n mindere of meerdere mate as verlies beskou word (verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 23.1 persent wat as 'n groot verlies gegradeer is.

Vir die Natalse Onderwysdepartement sal in totaal 81.4 persent bedankers en verskuiwers in 'n mindere of meerdere mate 'n verlies wees (bedankers en verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 18.5 persent wat as 'n groot verlies beskou is, terwyl slegs 3.7 persent (1 bedanker) as geen verlies gegradeer is.

(iii) Die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat

Al die onderwysers wat 'n betrekking buite die onderwys aanvaar het en al die onderwysers wat na ander onderwysdepartemente verskuif het, kan in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (bedankers en verskuiwers gegradeer van 2 tot 5), terwyl geen bedankers en verskuiwers as geen verlies gegradeer is.

(iv) Die Transvaalse Onderwysdepartement

Van die bedankers kan 80.7 persent in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (bedankers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 15.3 persent

wat as 'n groot verlies beskou is, terwyl 13.5 persent (7 bedankers) as geen verlies gegradeer is.

Van die onderwysers wat na 'n privaatskool verskuif het, kan almal in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 28.5 persent verskuiwers wat as 'n groot verlies beskou is.

Die verskuiwers na ander onderwysdepartemente, kan ook almal in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 24.0 persent verskuiwers wat as 'n groot verlies beskou is.

Vir die Transvaalse Onderwysdepartement sal in totaal 88.0 persent bedankers en verskuiwers in 'n mindere of meerdere mate 'n verlies wees (bedankers en verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 20.2 persent wat as 'n groot verlies beskou kan word, terwyl slegs 6.4 persent (7 bedankers) as geen verlies gegradeer is.

(v) Die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika

Die bedankers kan almal in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (bedankers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 28.6 persent wat as 'n groot verlies beskou is.

Slegs twee onderwysers het na privaatskole verskuif; een verskuiwer is as 'n verlies en die ander een as geen verlies gegradeer.

Van die verskuiwers na ander onderwysdepartemente, kan almal in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit 28.6 persent wat as 'n groot verlies beskou is.

Vir die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika sal in totaal 91.3 persent bedankers en verskuiwers in 'n mindere of meerdere mate 'n verlies wees (bedankers en verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 26.1 persent wat as 'n groot verlies beskou is, terwyl slegs 4.3 persent (1 verskuiwer) as geen verlies gegradeer is.

(vi) Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap

Van die bedankers kan 86.9 persent in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (bedankers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 26.1 persent wat as 'n groot verlies beskou is, terwyl slegs 4.3 persent (1 bedanker) as geen verlies gegradeer is.

Slegs die een onderwyser wat na 'n privaatskool verskuif het, is deur die skoolhoof as geen verlies gegradeer.

Die onderwysers wat na 'n ander onderwysdepartement verskuif het, kan almal in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 20.0 persent wat as 'n groot verlies beskou is.

Vir die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap sal in totaal 84.6 persent bedankers en verskuiwers in 'n mindere of meerdere mate 'n verlies wees (bedankers en verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 23.1 persent wat as 'n groot verlies beskou is, terwyl slegs 5.1 persent (2 bedankers en verskuiwers) as geen verlies gegradeer is.

(vii) Die nie-departementele skole

Van die bedankers kan 80.0 persent in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (bedankers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 10.0 persent wat as 'n groot verlies beskou is, terwyl 10.0 persent (1 bedanker) as geen verlies gegradeer is.

Die verskuiwers na privaatskole kan almal in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 33.3 persent wat as 'n groot verlies beskou is.

Die verskuiwers na ander onderwysdepartemente kan ook almal in 'n mindere of meerdere mate as 'n verlies beskou word (verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 66.7 persent wat as 'n groot verlies beskou is.

Vir die nie-departementele skole sal in totaal 87.4 persent bedankers en verskuiwers in 'n mindere of meerdere mate 'n verlies wees (bedankers en verskuiwers gegradeer van 1 tot 5), waarby ingesluit is 25.0 persent wat as 'n groot verlies beskou is,

terwyl slegs 6.3 persent (1 bedanker) as geen verlies gegradeer is.

9.4 SAMEVATTING

Uit hierdie hoofstuk, wat oor die gradering van die bedankers en verskuiwers gehandel het, kan die volgende afleidings kortliks saamgevat word:

- (a) Ten opsigte van sekere eienskappe van die bedankers, blyk uit tabel 9.2, dat volgens die skoolhoofde die grootste groep van die bedankers kenmers van hulle vak(ke) is, hulle getroue werkers is en dat hulle inisiatief besit.
- (b) Verder blyk uit tabel 9.2 dat, volgens die mening van die skoolhoofde, verreweg die grootste groep van die bedankers en verskuiwers as 'n verlies vir die onderwys in die land as geheel of vir die betrokke onderwysdepartement of skool gereken kan word. 'n Minimale aantal bedankers en verskuiwers is as geen verlies gegradeer.

Bogenoemde twee afleidings stem definitief tot nadenke, aangesien die onderwysersverlies straks meer kwalitatief as kwantitatief van aard is.

HOOFSTUK 10

FINANSIËLE VERLIESE MET BETREKKING TOT OPLEIDING

10.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die finansiële verliese met betrekking tot die opleiding van die uitdienstreders bespreek. Aan die verskillende onderwysdepartemente en beherende liggame is gevra om aan te dui of die uitdienstreders lening- en/of beurshouers is of was, en wat die totale bedrag van die lening en/of beurs is. Aansluitend hierby moes die onderwysdepartemente en beherende liggame aandui of die uitdienstreders boete met bedanking moes betaal, en indien wel, wat die bedrag van die boete was.

10.2 WAS DIE UITDIENSTREDERS LENING- EN/OF BEURSHOUERS?

Die onderwysdepartemente en beherende liggame is gevra om die getalle uitdienstreders wat lening- en/of beurshouers is, te verstrek. In tabel 10.1 word hierdie besonderhede weer-gegee. Daar moet op gewys word dat die onderwysowerhede nie ten opsigte van al die uitdienstreders kon aandui of lenings en/of beurse aan hulle toegeken is of was nie, en is daar 'n getal onderwysers van wie hierdie besonderhede ontbreek. (Kyk tabel 10.1.)

(a) Landsbeeld:

Wat die land as geheel betref, is die persentasie uitdienstreders wat lening- en/of beurshouers is effens meer as die uitdienstreders wat nie lening- en/of beurshouers is nie (49.6% teenoor 47.5%). Aangaande die totale aantal mans-uitdienstreders is dit die nie-lening- en/of beurshouers wat meer is as dié wat wel lening- en/of beurshouers is (56.8% teenoor 37.4%), terwyl die teenoorgestelde weer waar is by die totale aantal vroue-uitdienstreders, nl. die lening- en/of beurshouers is meer as diegene wat nie lening- en/of beurshouers is nie (54.0% teenoor 44.2%).

(b) Beeld volgens onderwysowerhede

Die agt onderwysowerhede verskil aansienlik van mekaar wat betref die totale aantal uitdienstreders wat lening- en/of beurshouers is. In Transvaal byvoorbeeld is die uitdienstreders wat lening- en/of beurshouers is verreweg die grootste persentasie (83.7%), gevolg in dalende orde deur Natal (44.9%), Suidwes-Afrika (29.9%), Oranje-Vrystaat (27.4%), Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (13.1%), Kaapland (11.0%), die gesubsidieerde skole (4.5%) en laastens die privaatskole met geen uitdienstreders wat lening- en/of beurshouers is nie.

Die grootste enkele groep vroue-uitdienstreders wat lening- en/of beurshouers is, is in Transvaal (87.3%), gevolg deur Natal (52.4%), Suidwes-Afrika (40.0%), Oranje-Vrystaat (33.6%), Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (17.8%), Kaapland (10.2%), terwyl die gesubsidieerde skole en privaatskole geen vroue-uitdienstreders het wat lening- en/of beurshouers is nie.

Wat betref die mans-uitdienstreders wat lening- en/of beurshouers is in die verskillende onderwysowerhede, verskil die rangorde in 'n mate van die vorige. In Transvaal is die meeste mans-uitdienstreders wat lening- en/of beurshouers is (72.5%), gevolg deur Natal (24.0%), Suidwes-Afrika (14.8%), die gesubsidieerde skole (14.3%), Kaapland (13.7%), Oranje-Vrystaat (11.7%), Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (6.0%) en laastens die privaatskole met geen mans-uitdienstreders wat lening- en/of beurshouers is nie.

10.3 DIE TOTALE BEDRAG VAN DIE LENING EN/OF BEURS

In tabel 10.2 verstrek die onderwysdepartemente en beherende liggame besonderhede aangaande die bedrag van die lening en/of beurs van die uitdienstredende lening- en/of beurshouers. Die totale getal onderwysers dui aan die onderwysers wat wel lening- en/of beurshouers is of gewees het. Betreffende die bedrag van die lening en/of beurs, kon die onderwysowerhede nie ten opsigte van al die lening- en/of beurshouers aandui watter bedrae toegeken was nie en verskyn

TABEL 10.1

WAS DIE UITDIENSTREDER 'N LENING- EN/OF BEURSHOUER?

Onderwysdepartemente		Manlik				Vroulik				Totaal			
		Ja	Nee	Ek weet nie	Totaal	Ja	Nee	Ek weet nie	Totaal	Ja	Nee	Ek weet nie	Totaal
Kaapland	N	13	82	-	95	36	301	15	352	49	383	15	447
	%	13.7	86.3	-	100.0	10.2	85.5	4.3	100.0	11.0	85.7	3.3	100.0
Natal	N	18	57	-	75	109	99	-	208	127	156	-	283
	%	24.0	76.0	-	100.0	52.4	47.6	-	100.0	44.9	55.1	-	100.0
Oranje-Vrystaat	N	11	81	2	94	79	153	3	235	90	234	5	329
	%	11.7	86.2	2.1	100.0	33.6	65.1	1.3	100.0	27.4	71.1	1.5	100.0
Transvaal	N	198	43	32	273	740	96	12	848	938	139	44	1121
	%	72.5	15.8	11.7	100.0	87.3	11.3	1.4	100.0	83.7	12.4	3.9	100.0
Suidwes-Afrika	N	4	19	4	27	16	24	-	40	20	43	4	67
	%	14.8	70.4	14.8	100.0	40.0	60.0	-	100.0	29.9	64.1	6.0	100.0
Onderwys, Kuns en Wetenskap	N	4	62	1	67	18	82	1	101	22	144	2	168
	%	6.0	92.5	1.5	100.0	17.8	81.2	1.0	100.0	13.1	85.7	1.2	100.0
Ondersteunde skole	N	1	6	-	7	-	12	3	15	1	18	3	22
	%	14.3	85.7	-	100.0	-	80.0	20.0	100.0	4.5	81.8	13.6	100.0
Privaatskole	N	-	28	-	28	-	50	-	50	-	78	-	78
	%	-	100.0	-	100.0	-	100.0	-	100.0	-	100.0	-	100.0
Totaal: Suid-Afrika	N	249	378	39	666	998	817	34	1849	1247	1195	73	2515
	%	37.4	56.8	5.9	100.0	54.0	44.2	1.8	100.0	49.6	47.5	2.9	100.0

TABEL 10.2

